VRAE EN ANTWOORDE OOR GÉNESIS

Nou, as enigiemand enige vrae het wat hulle wil inhandig, wel, laat hulle maar net kom, laat 'n kind dit bring of wat julle ook al wil doen. Of, miskien, as ons klaarmaak . . . Ek—ek het omtrent ses hier op een bladsy, en dan hier, dan het ons twee daar oorkant.

2 Nou, ons . . . ons wil uitvind. Waarom ons dit doen, is om uit te vind wat op die mense se gemoed is, waaraan hulle dink. Sien? En dis wat 'n goeie, sterk kerk maak. Jy moet die—die tye hê, net soos jy die kankerrose moet uitkam, julle weet, en alles, al die—die dinge uit die pad uit moet kry sodat jy egalig kan beweeg. So nou dis waarom ons af en toe vrae-aand hou, is om uit te vind.

3 Nou, as daar enige vrae is wat . . . Nou, hierdie keer het ek dit soort van oopgemaak, wawyd. En ek het gesê . . . Nou, was altyd gewees dat ek sou sê: "Nou, as enigeen . . . sommer enigiets wat betrekking het op—op die Skrif; antwoord. Vra dit." (Dankie, broer.) En ek het gesê: "Sommer enigiets wat betrekking het op 'n Skrif; antwoord." Sien, en ons sou dit antwoord. Maar vanaand het ek gesê . . .

4 Julle weet, dan kom hulle daar aan, hulle sê: "Broer Bill," het my 'n vraag gevra: "dink jy dat as—as—as *So-en-so* 'n *sekere-sekere* ding gedoen het, is dit Christelikheid?"

5 Wel, dis soort van druk plaas op iemand. Maar ek het gesê: "Laat hulle dit vanaand hê." Sien, dis in orde. So kan ons sommer uitvind of daar êrens enige druk geplaas word.

6 O, ek—ek—ek voel vanaand regtig goed. Het die hele middag gras gesny, so ek voel regtig goed, buite in die warm son.

7 Ons het 'n—'n byeenkoms wat opkom, sommer nou binnekort, moenie vergeet nie. Augustus, die drie-en-twintigste, by die Stadion in Chicago, tot die vyfde September. Verwag 'n wonderlike tyd in die Here daar. En dis nou oral geadverteer, en al die verskillende koerante het dit in. En ons verwag 'n wonderlike tyd.

8 Nou, ek het een, twee, drie, vier, vyf, ses, dink ek, hier op een bladsy. En dit het almal soort van betrekking op dieselfde ding, daar in—in die Boek van Génesis.

9 Nou, eerste is Génesis 1:26, of 1:26 tot 28, is waar die—die persoon met die . . . hulle het gevra wat dit sou wees. Wat—wat hierdie vraag . . . Ek bedoel, het die vraag gevra, verskoon my. En ons wil dit eers lees. Nou, hulle het dit hier uitgeskryf. As julle

dit reg terug wil nagaan, is dit in die haak. Het gesê: "God het die mens geskape, man en vrou het Hy hulle geskape." Sien? En dan by die volgende het hy Génesis, of, hy of sy, een, het Génesis 2:7: "Hy het die mens geformeer uit die stof van die aarde." Dis 'n ander plek. Ek sal hulle almal lees, sodat ons hulle hier saam kan hê sodat julle kan sien. Nou die eerste, die eerste fase hiervan is, het nou gesê:

1. **"God het die mens geskape, man en vrou. Het die mens geskape, man en vrou."** Nou dit is, dink ek, die eerste punt. **Nou in Génesis 2:7, staan daar: "Hy het geformeer"** (onderstreep) **"maar eers het Hy geskape."** Hy het dan . . . hy het dit onderstreep. "**En Hy het die mens geformeer"** (onderstreep) **"uit die stof van die aarde, en in sy neus geblaas," ensovoorts. Nou, wat is die verskil, of waar is die verband in die bostaande Skrifte?**

10 Nou, dit is . . . Nou, as julle dit neergeskryf het, Génesis 1:26 tot 28, en Génesis 2:7. Nou, dis 'n baie sensitiewe ding, en ek—ek mag dalk nie . . . Ek het maar net my eie idee daaroor, so ek sal dit net vir julle gee soos ek voel dat dit is. En as julle verskil, wel, dan is dit goed.

11 Ek wil vir Broer Neville komplimenteer met die goeie antwoorde wat hy daar op daardie vrae gee. Nou, hulle is goed.

12 Nou, hierin, Génesis 1:26, het God die mens na Sy Eie beeld gemaak. En as julle sal oplet, ons sal dit kry sodat julle dit kan lees, en 26 . . . As julle graag saam met ons wil lees, sal ons bly wees as julle—as julle dit doen, my nagaan.

> *En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis: en laat hulle heers oor die visse van die see, . . . oor die* voëls *van die hemel, . . . oor die vee, . . .* die *hele aarde, en oor al die diere wat op die aarde* kruip.
>
> *En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.*

13 Nou, dis . . . Ek het dit al baiekeer bespreek hoor word, en om die wêreld, kom daar besprekings daarvan voor. Nou in Génesis 2:7, let op wat Hy hier gedoen het. Goed, hier is Dit:

> *En . . . God het die mens geformeer* uit *die stof van die aarde, en in sy neus die asem van die lewe geblaas; so het dan die mens 'n lewende siel geword.*

14 Nou, watter soort formering . . . ? Die—die vraesteller wil vra:

Watter verband het hierdie Génesis 1:26 met Génesis 2:7? God het twee mense geskape. **En watter was die mens, en watter . . . Watter verband het dit? Wat . . . ? Hoe pas dit by die Skrif in?**

15 Wel, nou, as julle nou goed sal oplet, in Génesis 1:26, laat ons die eerste deel eerste neem. God het gesê: "Laat Ons." Nou: "laat

Ons," *ons* is 'n . . . "Laat Ons mense maak na Ons Eie beeld." *Ons*, natuurlik, ons besef Hy praat met Iemand, Hy het met 'n ander Wese gepraat. "Laat Ons mense na Ons Eie beeld maak, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die vee van die veld."

16 As julle oplet, met die skepping, was die eerste ding wat geskep is, natuurlik, was lig. As jy afkom deur die skepping, was die laaste ding wat geskep was, wat? 'n Man. En die vrou is na die man gemaak. Goed, die eerste . . . Laaste ding wat geskep is, van God se skepping, is die mensdom.

17 Maar toe God Sy eerste mens gemaak het, as julle sal oplet, het Hy hom na die gelykenis van Homself gemaak, hy is na die beeld van God gemaak. En wat is God? Nou, as ons kan uitvind wat God is, kan ons uitvind watter soort mens Hy gemaak het.

18 Nou in Johannes, die 4de hoofstuk, en ek sal . . . lees julle dit, Jesus wat praat met die vrou in die . . . as julle daarheen wil blaai. Ek . . . nie baie tyd gehad nie, het ek hulle net nie reg neergeskryf nie, moet dit maar net uit geheue kry. En soek julle hulle nou op, as ek dit net gou kan kry. Nou laat ons begin by omtrent die 4de hoofstuk, en die 14de vers:

> En *elkeen wat* drink *van* hierdie *water wat Ek* aan *hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie;* . . . en sal fonteine word *van water wat opspring tot in die ewige lewe.*
>
> *Die vrou* het gesê *vir hom, Here, gee my daardie water, sodat ek* . . . nie *hier hoef te kom skep nie.*
>
> *Jesus* het gesê . . . *Gaan,* en *roep jou man* . . .
>
> *Die vrou antwoord* . . .

19 Ek dink ons moet nou 'n bietjie bo dit kom, om uit te vind, uit te vind wat—wat ek wil hê julle moet hier sien. Miskien nie, miskien kan ek dit hier laer af kry, en wat ek wil sien. Sê wat? 23ste en 24ste vers. Goed.

> *Julle aanbid* . . . (hier is dit) . . . *Julle aanbid* en julle *weet nie wat nie: ons aanbid wat ons weet: want die saligheid is uit die Jode.* (en dis reg, sien)
>
> *Maar daar kom 'n uur,* . . . *Maar daar kom 'n uur, en dit is nou,* dat *die ware aanbidders* (Jood of Heiden) *die Vader in* die *gees en waarheid sal aanbid: want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.*

20 Nou, die volgende vers is waar ek wil:

> *God is 'n Gees: en dié wat Hom aanbid, moet hom in gees en waarheid aanbid.*

21 Nou, as God die mens geskep het na Sy Eie beeld en na Sy Eie gelykenis, watter soort mens het Hy geskep? 'n Gees-mens. Nou, as julle sal oplet, nadat Hy die hele skepping gemaak het, en 'n gees-mens geskape het, sal die noukeurige lees hiervan nou (aan

die een wat die vraag gevra het) dit vind, dat God heerskappy oor die vee en die visse en alles aan die mens gee. Maar, in Sy skepping daar, het Hy die mens na Sy Eie beeld gemaak om die vee te lei, die diere van die veld te lei, net soos die Heilige Gees vandag die gelowige lei. Sien?

22 Hy was, met ander woorde, Adam, die eerste mens in die laer skeppinge van God. Die eerste skepping was God Self; toe het die Logos uit God gekom, wat die Seun van God was; toe, uit die Logos, wat die Woord was ("In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."), uit die Logos het die—die mens voortgekom.

23 O, ek het nou 'n pragtige prentjie in my kop, as julle 'n klein toertjie saam met my kan onderneem. Ek dink ek het tevore daaroor gepraat, maar om dit tot die punt te bring waar julle dit vir seker sal sien. Nou, laat ons 'n toertjie onderneem en vir 'n rukkie teruggaan. Nou, moenie daaraan dink hoe warm dit is nie, laat ons ons aandag net bepaal by dit waaroor ons nou gaan praat en dink.

24 Kom ons gaan 'n honderd miljoen jaar terug voor daar nog ooit 'n ster, maan, of enigiets in die wêreld was. Nou, daar was 'n tyd toe daar niks hier was nie, dit was net alles vir altyd en Ewigheid. En alles vir altyd en Ewigheid was God, Hy was in die begin daar.

25 Nou, kom ons gaan staan hier op die rand van hierdie trapleuning en kyk oor en sien hierdie dinge gebeur.

26 Nou: "Geen mens het te eniger tyd die Vader gesien nie." Geen mens kan God in die liggaamlike vorm sien nie, want God is nie in liggaamsvorm nie, God is 'n Gees. Sien? Goed. "Geen mens het die Vader gesien nie, maar die eniggeborene van die Vader het Hom verklaar," 1ste . . . Johannes, sien.

27 Nou, maar let nou op, daar's niks, daar's net ruimte. Daar's geen lig nie, daar's geen duisternis nie, daar's niks, dit lyk net na niks. Maar daarbinne is 'n groot bonatuurlike Wese, Jehova God, Wat alle ruimte van alle plekke te alle tyd oordek het. Hy was van ewigdurend van ewigdurend, Hy is die begin van die skepping. Dis God. Kan niks sien nie, kan niks hoor nie, nie 'n beweging van 'n atoom in die lug nie, niks nie, geen lug nie, niks nie, maar tog was God daar. Dit was God. (Nou kom ons kyk vir 'n paar minute, en na 'n rukkie . . .) Geen mens het Dit, nou, gesien nie, Dis die Vader. Dis God, die Vader.

28 Nou let op. Dan na 'n ruk begin ek sien 'n klein heilige Lig begin vorm, soos 'n klein stralekransie of iets, jy kon dit net deur geestelike oë sien.

29 Maar kyk nou, terwyl ons kyk, nou die hele kerk. Ons staan op 'n yslike groot trapleuning, kyk wat God doen. En ons sal tot reg by hierdie vraag hier kom en julle sal sien hoe Hy dit inbring.

30 Nou, niemand het God gesien nie. En nou, die volgende ding wat ons begin sien, deur oë met bonatuurlike sig, sien ons 'n klein wit Liggie daar vorm. Wat is dit? Dit is genoem, deur Bybellesers: "Logos," of "die gesalfde" of "die salwing," of die . . . soos ek wou gesê het, die—die deel van God begin ontwikkel in iets sodat menslike wesens 'n tipe van 'n idee kon hê wat Dit was. Was 'n klein, flou . . . 'n klein Liggie, wat beweeg. Hy . . . Dit was die Woord van God.

31 Nou, God Self het geboorte gegee aan hierdie Seun wat was voor daar selfs 'n atoom in die . . . of lug was om 'n atoom te maak. Dit was . . . Sien, Jesus het gesê: "Verheerlik My, Vader, met die heerlikheid wat Ons voor die grondlegging van die wêreld gehad het." Sien, destyds daar oorkant.

32 Nou, in Johannes 1, het Hy gesê: "In die begin was die Woord." En die eerste . . . "En die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." God wat Homself ontvou, af na 'n menslike wese. Nou kyk hoe Hy dit gedoen het.

33 Nou, destyds daar, dan, toe hierdie klein stralekrans kom. Nou, ons kan nog niks sien nie, maar slegs deur oë van net die bonatuurlike, sien ons 'n stralekrans wat daar staan. Nou, dis die Seun van God, die Logos. Nou, ek kan Hom sien rondspeel soos 'n klein kindjie, voor die Vader se deur, met die hele Ewigheid. Sien? En, nou, dan in Sy denkbeeldige samestelling begin Hy dink aan wat dinge sou wees, en ek kan Hom hoor sê: "Laat daar lig wees."

34 En toe Hy het, het 'n atoom gebars en die son het ontstaan. Sy het vir honderde miljoene jare gekolk, klinkers gevorm, en gebrand, en gevorm soos dit vandag is; steeds aan die brand, steeds aan die atome breek. As die atoombom ooit losgelaat sou word, sou die atoomketting neem . . . sou hierdie aarde soos die son, oorkant wees, net aan die bars en ontplof. As jy oorkant op 'n ander kontinent kon staan en afkyk hierop, sou dit soos nog 'n son gelyk het, waar die atome besig is om hierdie aarde te brand, as die ketting ooit losgelaat sou word en dit begin net draai, so te kolk. Miljoene en miljoene myle strek hierdie groot vlamme van biljoene Fahrenheit, van—van—van hitte wat van daardie son afgaan.

35 Nou, kyk nou hierna. Pragtig! Nou, Hy het die son gemaak. En dan, voor jy jou kom kry, het 'n groot klinker daarvan afgeval, het geweeg omtrent . . . omtrent net soos hierdie aarde, het gemaak "Spew!" Dan hou hierdie Logos, die Seun van God, dit nou hier dop, Hy laat dit vir 'n honderd miljoen jaar val en Hy stop dit. Dan vlieg nog een af, en Hy laat dit (wat afgevlieg het) vir miljoene jare val, dan stop Hy dit. Nou, ons staan, kyk hoe dit ontstaan.

36 Nou, Hy het iets in Sy gedagte, en wat doen Hy? Hy skryf Sy eerste Bybel. Die eerste Bybel waarna die mens ooit gekyk het, was die sterre, die diereriem. En dis 'n perfekte . . . net . . . Dit het

by hierdie Bybel hier ingepas. Dit begin met, die eerste van die diereriem, is die maagd. Is dit reg? Die laaste van die diereriem is wat? Leo, die leeu. Dis die eerste Koms van Jesus, Hy het deur 'n maagd gekom; die tweede, kom Hy as die Leeu uit die stam van Juda. Sien? Het dit alles uitgeteken, die kreeftydperk, en alles daardeur. Nou, Hy het dit alles in die lug gesit en dit uitgeplaas. Al hierdie meteore, stukke aarde, of son, wat hier afhang.

37 Nou, wanneer die wetenskap gaan soek na daardie missiele wat val, bewys dit nie dat God nie bestaan nie, dit bewys dit net vir my. Sien, dit maak dit net meer werklik. Nou, let nou op, al hierdie missiele wat daar hang weg van daardie warm son, en wat uitgaan deur die lug, natuurlik, hulle het versamel. En voor jy weet, het dit net 'n ysberg begin.

38 Nou, dit was hierdie aarde wat ontstaan het, net 'n groot ou stuk uitgebrande steenkool wat afgevlieg het daar oorkant. Onderin is dit nou niks behalwe net 'n draaiende, brandende vulkaan nie, volledig, die uitbarsting kom oral, vulkanies. En die wetenskap beweer dat—dat hierdie wêreld, die kors daar bo-op, waar ons lewe, is net omtrent soos die skil op 'n appel. En al die . . . Nou, daar's vyf-en-twintig duisend myl in omtrek, dis waarskynlik agtduisend myl dik (dit sal naastenby agtduisend myl wees). En dink net, aan daarbinne, is dit 'n brandende vulkaan.

39 En twee-derdes van die aarde, meer as twee-derdes daarvan, is in water; en een-derde daarvan is in land, omtrent een-derde. En hierdie klein, hierdie kors waarop ons lewe, dis vol gevaarlike plofstowwe, gas, petroleum, olie, alles. Is dit reg? En die twee-derdes daarvan, meer as twee-derdes daarvan, water. Wat is die formule vir water? Twee dele waterstof en een deel suurstof, plofstowwe.

40 Daar's genoeg elektrisiteit in elke kamer om die hitte van die koue te skei, en dit sal genoeg elektrisiteit opwek om 'n kamer te laat bars. Jy kan genoeg atome in 'n gholfbal sit om New York van die aangesig van die aarde af te blaas. En dan klop die mens, wat op 'n pot van die hel sit, homself op die bors, en daag God se Woord uit, en sê: "Daar is nie so 'n plek soos die hel nie." (Ek het dit hier neergeskryf bietjie later, en ons gaan daarby uitkom, sien.) Julle sit elke dag op 'n groot pot daarvan. En terwyl julle hier is, sit julle reg bo-op dit, en is die hel net onder julle.

41 En nou, let op, maar nou toe dit eers gevind is, toe Jesus . . . Nou kyk na die klein stralekrans daar. Nou ek kan Dit sien uitbeweeg na hierdie aarde toe en daar bo-oor kom en dit begin naderskuif hier aan die son. Dis niks anders as 'n groot bal ys nie. En wanneer dit begin smelt, dan begin yslike groot gletsers deursny bo in die noorderlande en afkom. En toe dit het, het dit Kansas en Texas en al daardie plekke daar, uitgesny, en

voortgegaan in die Golf van Mexiko in. En die eerste waarvan jy weet, was die hele ding onder water.

42 Dan, nou kom ons by Génesis 1, ons kom nou by die Bybel, en uit ons prentjie in die Bybel. Génesis 1: "Die wêreld was woes, en leeg; en daar was water op die aangesig van die diepte." Is dit reg? "En die Gees van God het gesweef op die waters." Nou, Hy het die water afgeskei, die heuwels en die lande ensovoorts na vore gebring; dit afgedroog. Plantegroei en alles, Hy het dit gemaak. En Hy het die maan gemaak. En het sy perke gestel, van die see, sodat dit nie kon oorskry nie.

43 Hy het al daardie dinge bymekaargemaak, gemaak . . . ? . . . Al die ander dinge gemaak, al die dierelewe, die voëls, die bye, die ape, en wat dit ook al was, dit alles hier op aarde geplaas. En toe het Hy nou hierdie vraag gevra. "Laat Ons" (Wie? Vader en Seun) "die mens na Ons Eie beeld maak."

44 Nou, as 'n mens gemaak was soos amper soos daardie klein heilige Liggie oorkant, of so-iets, kon Dit nie gesien word nie (wat 'n geestelike Wese is). Hy het Homself 'n bietjie meer gemanifesteer of ontvou, om 'n drie-eenheid van Homself te maak, deur Vader, Seun, en Heilige Gees. En hier was God, het Homself nou ontvou, tot daar in "laat Ons die mens maak," wat Sy seun was, 'n afstammeling van Hom: "die mens na Ons Eie beeld," hy was 'n bonatuurlike wese. "En laat hom heers oor die vee van die veld, ensovoorts."

45 Nou, die mens het die mens gelei . . . het die—die vee en alles gelei, net soos die Heilige Gees 'n regte, ware gelowige vandag lei. Die Stem van God daarbuite . . . Die stem van die mens, liewer, kon praat en sê . . . die beeste *hierheen* roep, die skape daar na *hierdie* weiding roep, die visse na *hierdie* water roep. Sien, hy het heerskappy gehad, alles het hom gehoorsaam.

46 Nou, maar toe was daar geen mens om die grond te bewerk nie, Genesis 2, geen mens om die grond te bewerk nie. "En toe het God die mens geformeer" (Génesis 2:7) "uit die stof van die aarde." Nou volg Hy . . . Hy het die mens uit die stof van die aarde geformeer, en het hierdie bonatuurlike Gees geplaas . . .

47 Nou, hy het daar gelê. Ek kan baie prentjies daarvan maak. Ek kan Adam sien staan . . . Laat ons *hierdie* wyse neem, hom sien staan soos 'n boom. God het hom gemaak. Hy was so dood as wat kan wees; sy tone, soos die wortels, het in die grond vasgesit. En God het gesê: "Laat daar wees," of het die asem van die lewe in hom ingeblaas, en hy het opgespring, tot homself gekom. Hy was 'n . . . Het die asem van die lewe in hom ingeblaas, hy het 'n lewende siel geword. Nou, en hy het begin voortbeweeg, voortbeweeg.

48 En toe het God 'n stuk van hom uit sy sy geneem, 'n rib, en 'n vrou gemaak. Nou, waar het Hy die gees, die vrou, gekry? Sien? Toe Hy . . . Génesis 1:26, het Hy gesê: "Laat ons die mens

na Ons Eie beeld maak, na Ons Eie—Eie gelykenis, het Hy hulle (die mens) man en vrou geskape." Hy het die forse gees vir die man gemaak; Hy het die sagte, klein, delikate, vroulike gees vir die vrou gemaak.

49 En wanneer julle 'n vrou soos 'n man sien optree, het sy uit haar plek uitgeraak, julle sien, van in die begin. Sien? Goed. Sy's veronderstel . . . Ek dink dis 'n jammerte dat vroue hulle fyn, vroulike plek verloor het. Dis 'n skande. Ek sê vir julle, dit is. Dis . . . Weet julle, ek gaan dit sê. Nou, ek praat nie van julle vroue hier nie. Maar, natuurlik, as dit seermaak, maak dit net seer. Maar, kyk, laat ek julle iets vra. Dit was altyd so dat vroue so vroulik was dat, as 'n man met hulle sou gaan praat, sou hulle bloos. Huh! Wat is bloos, in elk geval? Ek het dit so lank nie gesien nie, ek sou nie eens weet wat dit is as 'n vrou gebloos het nie. Hulle het niks van daardie waardigheid meer, al daardie mooi vroulike gees nie. Hulle is net . . . Hulle kan . . . Hulle sal klere dra soos 'n man, hulle hare sny soos 'n man, rook soos 'n man, drink soos 'n man, vloek soos 'n man, stem soos 'n man, werk soos 'n man, so, word rof, fors. O, goeiste! Dit wys waar julle heen is. Dis presies.

50 Daardie klein dametjie, jy sien haar nie meer baie nie, sy's 'n skaars persoon om te kry. Is dit nie reg nie? Ja, dis die waarheid. So 'n vrou is nie veronderstel om op te staan en soos 'n man op te tree, groot en fors nie, want sy's fyntjies. God het haar so gemaak. Ek kan dit deur die Skrifte bewys. Ja, meneer. Dis reg. En . . .

51 Maar, natuurlik, ons dwaal van hierdie vraag af, maar ek wil nie te veel van hierdie vraag afdwaal nie. Maar, sien, dis daar waar Hy Sy eerste mens gemaak het, was na Sy Eie beeld.

52 En dan, het God, selfs voor daar 'n ster was, geweet dat hierdie wêreld sou wees. En Hy het geweet dat ek William Branham sou wees wat die Evangelie van die preekstoel verkondig en dat jy *John Doe* sou wees wat daar sit en luister Daarna, voor die wêreld ooit begin het. Halleluja!

53 Nou, dis waar mense partymaal, in die—die wettiese en Calviniste, heel deurmekaar raak. Sien? Hulle sê: "Waarom was sommige voorbestem om verlore te gaan?" God wil nie dat enige verlore gaan nie. Hy wil nie hê dat enigeen tot niet gaan nie, maar tog, synde God, weet Hy daar's sommige wat Dit nie sal aanvaar nie. Sien? Sien, Hy het . . . Hy moes die einde van die begin af ken, ten einde God te wees. Moes Hy nie?

54 So Hy het geweet Hy gaan 'n paar vroue hê, so Hy het sommer hulle gees net daar gemaak. Die Bybel het gesê Hy het, in 1, Génesis 1:26: "Hy het hy hom, die mens, geskape," in die voorafskaduwing: "man en vrou." Amen. Sien? In 'n voorafskaduwing, het Hy die vrou en die man gemaak voordat hulle ooit uit die stof van die aarde gemaak is.

55 En toe het God die mens gemaak, nie na Sy Eie beeld nie. Hierdie liggaam is nie na die beeld van God nie, hierdie liggaam is na die beeld van diere.

56 Kan ek maar my baadjie uittrek? Dit raak nou warm hierbo. Ek het 'n geskeurde hemp aan, maar julle sal dit nie oplet nie. Die vrou het vir my gesê Jesse het nie die wasgoed kom haal nie, so . . . Maar, kyk, ons is nou hier op 'n onderwerp wat meer beteken as 'n geskeurde hemp op die preekstoel. Dan nie? Dit beteken Ewige Lewe.

57 Nou, let op die mens. God het aan die begin geweet dat Hy mans en vroue gaan hê, en Hy het geweet dat die Verlosser hier sou wees en Hy Jesus sou moes bring, en Hy gekruisig sou word. En Jesus het vir die dissipels gesê, toe Hy hier op aarde was, dat Hy "hulle selfs voor die grondlegging van die wêreld geken het," voor die wêreld ooit ontstaan het.

58 En God het ook gesê, of Paulus wat praat, in Galásiërs, gesê dat "Hy ons verordineer het en in Hom geroep het nog voordat die wêreld geformeer is." Dink daaraan! Dat God . . . Enigiemand wat graag wil hoor wat die Skrif daaroor sê, steek julle hande op. Dit hang nou saam met die vraag. Gaan saam met my na Galásiërs, die 1ste hoofstuk. Kyk hier. Ek bedoel nie in Galásiërs nie, ek bedoel Efésiërs. Luister nou mooi wat God gesê het, Efésiërs 1:

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus, deur die wil van God, aan die heiliges wat in Efése is, en die gelowiges in* Jesus Christus.
>
> *Genade* vir *julle en vrede van God,* die *Vader, en die Here Jesus Christus.*
>
> *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, wat ons geseën* het *met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus* Jesus:

59 Nou, hier is dit, let op:

> *Soos Hy ons in Hom uitverkies* het *voor die grondlegging van die wêreld,* . . . (sjoe!)

60 Dis nogal goed. Is dit nie? Dis nie nogal goed nie, dis werklik goed! Voor daar 'n grondlegging van die wêreld was, het God vir Orman Neville geken en geweet dat hy die Evangelie sou verkondig. Is dit nie wonderlik nie? "Het uitver- . . . " Wel, hy's 'n lid van die Kerk, en God het geweet Hy gaan daardie Kerk hê. En hy het gesê, Paulus wat praat met die kerk van Efése, gesê: "Hy het ons in Hom uitverkies." Nou, ons is almal die lede van die Liggaam van Christus. Is dit reg? En God het, voor die wêreld ooit geformeer was, vir my en jou in Hom uitverkies, voor die wêreld ooit geformeer is. Sjoe! Goeiste! Is dit nie wonderlik nie?

61 Nou, die eerste mens, nou, Hy het die eerste mens na *Sy* beeld gemaak, en ons keer terug na daardie beeld, dis reg, na ons eerste geskape beeld toe.

62 Toe God vir my, William Branham, geskape het, was ek voor die grondlegging van die wêreld, het Hy my wese, my gees gemaak. Ek was nie van enigiets bewus sover ek weet nie, maar die. . . Ek was daar. O, ek—ek glo nie julle begryp dit nie. Maar nou, net 'n oomblik, Jesus het vir die dissipels gesê dat Hy "hulle geken het voor die grondlegging van die wêreld," en Paulus het hier gesê dat "Hy ons in Hom uitverkies het voor die wêreld begin het." Nou, daar was 'n deel van my, van Orman Neville, en die res van julle almal hier, wat in Christus Jesus was voor die wêreld ooit begin het. En hier is my ontleding daarvan. Ek dink dat die mense vandag wat deur hierdie Gees in besit geneem is, of die gees, 'n deel van hierdie engele-wesens, geeste wat van God af afroteer het, wat nooit in die begin geval het nie, en die duiwel se leuen in die Hemel teengestaan het.

63 En twee-derdes van die aarde is in sonde, en meer as dit, dié twee-derdes van die engele wat uitgeskop is. En daardie duiwelse geeste kom in mense in en bewoon hulle liggaam. Sien wat ek bedoel? Hulle is duiwels wat eens. . . hulle het eens bestaan en hulle kom in mense in en gee hulle 'n geaardheid. Jesus het sewe van hulle uit Maria Magdalena uitgedryf. Trots, spog (groot mense, julle sien), onrein, vuil, vulgariteit, wedywering, twis. Al hierdie dinge, sien.

64 Hulle was geeste wat gemaak is destyds daar toe God begin het om die mens daaruit te maak na Sy Eie beeld. Het daardie bonatuurlike wesens, daardie geeste, geskep.

65 En toe het Hy die mens in die stof van die aarde geplaas, wat die eerste mens, Adam, was. En daardie mens is gemaak na die beeld, hierdie menslike mens hier, is gemaak na die beeld van 'n dier. Hierdie menslike liggame is gemaak na die beeld van diere.

66 Ons het 'n hand net soos 'n aap, en—en het 'n voet soos 'n beer. Neem 'n klein beerwelpie, maak hom kaal, trek die vel van hom af en sit langs 'n klein babadogtertjie neer en kyk na die verskil. Huh! Broer, jy moet regtig mooi kyk. Die hele diafragma, die samestelling, is amper dieselfde, die manier wat dit gemaak is en die vorm daarvan, en alles net presies. Dis na die beeld van dierelewe, want hy is basies gemaak volgens die orde van 'n dier, omdat dit sy plig was om die dier te lei.

67 En neem jy die Heilige Gees van 'n mens af weg, is hy laer as die dier, hy is slegter as die dier. Dis 'n harde ding om te sê. Maar as jy 'n man vat wat onwedergebore is in sy gemoed, sonder die Heilige Gees om sy gedagtes te rig, en—en sulke dinge, hy sal 'n baba uit sy moeder se arms gooi en haar aanrand uit dierlike wellus. Dis presies reg.

68 En ’n vrou wat sleg is. Vat ’n ou moedervark of ’n ou hond, ons het dit al allerhande soorte name gegee oor. . . Maar haar sedes is net haar kleintjies, en die vark vir haar varkies, maar ’n lae slegte-naam vrou is net soos. . . net smerigheid die hele tyd. Dis reg. So onthou, dat julle. . . sonder Christus, is jou sedes. . . kan tot laer as ’n hond daal. Dis reg.

69 Die hond hoef nie klere te dra om homself te bedek nie, geen ander dier nie. Dit was die mens wat geval het, nie die dierelewe nie. Maar, die dierelewe synde onder die mens (die menslike lewe), is daaraan onderwerp omdat die mens sy gids en sy opperleier was. En elke dier van die veld vrees ’n mens.

70 Iemand het my gevra, eenkeer, oor jag: “Is jy bang daarvoor?” Wel, elke dier wat ooit geskape is, vrees ’n mens, omdat dit moet wees van die begin af destyds daar. Sien? Is beslis. Jy hardloop en hy sal agter jou aanhardloop, dis reg, maar, ’n hond of enigiets wat jy wil. Goed.

71 Maar nou, let nou op, daardie man toe hy hier aankom. . . Nou kyk, hier. . . Julle sê: “Nou, wat nou daarvan, Broer Branham?”

72 Nou, hier kry jy God mooi presies in, en tussen die Eenheid en Drie-eenheid sal jy die ding nou mooi presies regkry. Nou kyk! Toe God neergedaal het, Homself ontvou het, Homself ontvou het tot Hy afgekom het tot hierdie mens. Nou, die mens het gesondig, nie in sy gees nie, maar in sy liggaam, wellus, passie. Toe, toe hy gesondig het, het hy homself van sy Maker afgeskei. En toe het God, die Logos, die einste Skepper van hom, neergedaal en is na die beeld van die mens gemaak. Die mens is gemaak na die beeld van God, en toe is hy na die beeld van die dier gemaak, en het hy geval. En God het afgekom in die beeld van die mens, in die Mens Christus Jesus, om pyn te verduur. God kon nie pyn verduur in die Gees nie. Hoe kon Hy fisiese pyn in die Gees verduur? Hy kon dit nie doen nie. So God het Homself ontvou en is na die beeld van die mens gemaak, om die mens wat verlore was, te verlos. Sien?

73 En toe het God in die vlees gely. Een Timothéus 3:16: “Onteenseglik,” dis sonder argument: “die verborgenheid van die godsaligheid is groot. Want God is geopenbaar in die vlees, het verskyn aan engele, is verkondig, aan die Heide-. . . en geglo, en is ontvang aan die regterhand van die Vader.” Is dit reg? God Self het neergedaal en in ’n menslike liggaam gewoon en versoeking gely. “God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen.” Sien julle wat liefde is? Die Liefde van God!

74 Nou, nou, ek dink dit sal daardie *man* en *vrou* duidelik maak. Nou, ’n vrou is. . . Laat ek dit nou sommer mooi stel, sodat julle dit kan sien, sien. Die vrou is onderdanig aan haar man. En die Bybel het gesê dat “’n Man moet oor sy vrou heers.” Maar hoe het hulle dit nie verander nie! Die vrou heers oor die man: “Nou,

jy bly by die huis, John! Jy gaan nie!" En dit handel dit af: "Ja, my skat." Sien?

75 Maar laat ek vir jou iets vertel, meneer. Jy sal moet verantwoording doen vir jou vrou, maar jou vrou sal nooit vir jou verantwoording hoef te doen nie. Jy is die hoof van die vrou, en God is die hoof van die man. Daarom het Hy gesê: "Laat die man sy hare afsny vanweë Christus. En laat die vrou haar hare hê, want as sy haar hare afsny, is sy haar man tot oneer." Sien? Sien julle wat ek bedoel met wat die Skrif sê?

76 Ek het 'n warm affêre daaroor gehad, nou die dag daar in Shreveport. Hulle het oor die vroue gepraat, en of vroue lang hare moet dra. En ek het gesê: "'n Vrou wat haar hare kortgeknip het, haar man het die reg, en 'n Bybelse reg, om van haar te skei." Dis reg. Dis wat die Bybel sê. Dis presies reg. O, goeiste! Heilige Gees-vroue sit daar, bloot die manier wat hulle geleer is, dis al. Sien? Net, dis losweg laat glip.

77 Hy het gesê: "Nou, as hulle dit sou sny, as daar iets verkeerd is dat hulle hulle hare moes sny," gesê: "laat haar 'n skeermes neem en dit alles afskeer," en haar hare baie glad maak, totdat dit uit haar kop uitkom. Dis reg. Dis wat die Skrif gesê het. Dit sê: "As sy haar hare afsny, is sy haar man tot oneer. En 'n vrou wat tot oneer is, het 'n wetlike reg om weggesit en geskei te word." Maar, hy kan nou nie weer trou nie. Maar hy—maar hy kan haar in egskeiding wegsit. Dis reg. Dis die Skrif. O broer, wat ons nodig het, is 'n paar vrae-aande! Dis reg. Dis Een Korinthiërs, die 14de hoofstuk, as julle Dit wil lees. Goed. Nou, dit—dit . . . Nou, hierdie vrou . . .

78 God—God het die mens geskape, manlik en vroulik. Sien julle wat Hy gedoen het? Hy het die mens gemaak. Hy het gemaak . . . Nou, dis die eerste vraag, sien: "Het Hy hulle geskape," ensovoorts, Génesis 1:26. Génesis 2:7: "Hy het hulle geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus geblaas."

Wat is die verskil, of—of waar is hierdie verband in die bostaande Skrif? Watter verband het die eerste mens met die tweede mens?

79 Die eerste mens is die tweede mens gemanifesteer in vyf sintuie. Sien? Tans kan jy nie—kan jy nie God *so* met jou hande aanraak nie, jy kan nie vir God met jou oë sien nie. Hy het dit nie vir jou gegee om dit te kan doen nie. Jy's . . .

80 Het julle al ooit 'n ou heilige hoor sterf, wanneer hulle sê: "Daar's moeder, ek het haar in jare nie gesien nie"? Het julle ooit gehoor dat wanneer mense . . . ? Sien, wat dit is, hierdie oë vervaag en die bonatuurlike oë neem oor. Sien? En dan partykeer as ons, as God so maak, sien ons visioene waar daardie natuurlike oog vervaag. Reg voor ons, ons kyk net reguit, en daar's 'n visioen voor ons wat die bonatuurlike dinge van God wys. Sien julle wat ek bedoel?

81 So dan, kyk: "Wanneer hierdie aardse tabernakel hier . . ." Nou, sommige van julle vroue en mans hier word al oud. Kyk: "Wanneer hierdie aardse . . ." Ek dink aan ou vader daar, twee-en-negentig jaar oud. "Wanneer hierdie aardse tabernakel ontbind is, is daar 'n geestelike mens, 'n geestelike liggaam wat vir ons wag wat nie kan vergaan nie." Ek sal julle daar sien. Ek sal oorstap . . .

82 Ek kan Broer Neville nie in—daar bo-in aanraak nie, want Johannes het hulle gesien en hulle was siele onder die altaar, wat roep: "Hoe lank, Here, hoe lank nog?" Julle weet waarom, ons het deur Openbaring gegaan. En hoedat hulle daar begeer het om terug te keer en met sterflike liggame beklee te word. Hulle het uitgeroep: "Hoe lank nog, Here?"

83 Nou, hulle het mekaar geken, maar hulle kon nie praat en hande skud, of, ek verbeel my hulle kon praat, maar hulle kon nie hande skud ensovoorts nie. Hier is die beeld om dit te bewys. Toe die heks van Endor die gees van Samuel opgeroep het, en Saul na hom gekyk het en hy hom herken het as Samuel. En Samuel het Saul herken en gesê: "Waarom het jy my uit my rus geroep, siende dat jy die vyand van God geword het en God jou verlaat het?" Is dit reg? En daar het ou Samuel gestaan met sy profetemantel aan, en hy het na hom gekyk. Hy was in 'n pak klere.

84 Die heks het hom gesien en op die grond geval, gesê: "Ek sien gode uit die aarde opstaan."

Hy het gesê: "Waarom het jy my gesteur?"

En hy het gesê: "Wel, ek wil weet hoe die geveg gaan verloop."

85 Het gesê: "Môre sal jy in die geveg sterf," en sy seuns sou, "en teen hierdie tyd môre-aand sal jy by my wees." Sien? Nou, hy was by sy bewussyn, en hy het gelyk net soos hy gelyk het toe hy hier op aarde was, vir daardie heks wat gestaan, na hom gekyk het, en vir Saul.

86 Nou, let op. Baiekeer . . . Wat van Pa en Ma toe hulle sterwend was en hulle geliefdes daar sien staan het? Hulle het hulle herken. Maar dit is in die bonatuurlike liggaam.

87 Maar nou hier is die heerlike deel. Met die wederkoms van Jesus by die opstanding, sal dit nie daardie liggaam wees nie. Daardie liggaam dan, daardie bonatuurlike wese wat God in die begin geskape het, wat na die aarde toe sal terugkeer om 'n ander liggaam te kry, nie uit 'n vrou gebore nie, maar geskape deur God (Halleluja!), om nooit oud te word of 'n plooi te hê nie, nooit 'n grys haar op jou kop te hê nie, maar volmaak te wees, vir ewig! Halleluja! O broer, dit sal my op 'n warm nag laat uitroep! Dis reg! O, "hierdie kleed van vlees sal ek afwerp, en opstaan en die ewigdurende prys aangryp!" Wat op aarde het ons om oor bekommerd te wees?

88 Daar lê die hele plan net daar, hoe God my in die begin geskape het. Ek het afgekom hier op die aarde, my plek ingeneem as 'n Evangelieprediker, of jy as 'n man of vrou met verlossing, lei ons die lewe deur die genade van God. Halleluja! En daardie selfde gees gaan hier weg as wat daar oorkant in die begin was. Ek sal teruggaan met die bewuste wete dat ek hier was, (Halleluja!) en dan daar onder die altaar wag, vir ewig geseënd, in rus. En dan met die terugkeer, neem ek my liggaam op op sy allerbeste, voor die dood dit ooit getref het.

89 Die dood tref jou op omtrent twee-en-twintig of drie-en-twintig jaar oud, begin jy agteruitgaan. Jy's nie die man wat jy altyd was of die vrou wat jy altyd was nie, na jy omtrent vyf-en-twintig geword het, tree daar iets in. Plooitjies begin onder jou oë wys. Jy kan nie was soos jy altyd het nie. Dertig, kan jy dit al baie oplet. Wag tot jy by vier-en-veertig kom, soos ek, en dan let jy dit regtig op. Maar, O broer! Wag tot ek tagtig, negentig word, en met daardie kierie, daar staan. Wat is dit? God het my net in die wedloop geplaas om te hardloop. Maar een heerlike dag . . . Dis die dood wat intree.

90 Ek was eens regop-geskouerd, het swart hare gehad (en 'n kop vol daarvan), en geen plooie onder my oë nie; en kyk nou na my, krimp ineen, skouers hang, word vet, en plooie onder my oë, bles-kop. Wel, kyk wat die dood aan my doen vir omtrent in die laaste twintig jaar. Die dood doen dit. Wag tot ek tagtig word, as God my laat lewe, en kyk hoe lyk ek, staan so op 'n ou kierie, bewe *so* êrens. Maar, halleluja, een heerlike dag, sal die dood sy volle tol eis. Dan wanneer ek opstaan in die opstanding, sal ek wees wat ek was, wat God my hier op aarde gemaak het op my allerbeste, in 'n liggaam wat nie deur Mev. Branham en Mnr. Branham gemaak is nie, maar geskape deur God Self; vry van versoeking, vry van sonde, vry van alle ander dinge, om nooit 'n siekte, hartseer te hê nie. O, goeiste!

91 Dan sal ek my vroutjie se hande vat en opnuut so afstap deur die Paradys van God. Julle sal dieselfde ding doen. Nie die ou grys-kop vrou wat jy vanaand rondlei, jou vrou noem nie, maar sy sal net so pragtig wees as wat sy was die dag toe jy met haar by die altaar getrou het. Halleluja! Sjoe! Dis genoeg om 'n kêrel te laat uitroep. Is dit nie? Sien?

92 Goed, dis die verband. God is vasbeslote. Wanneer God besluit om enigiets te doen, moet dit wees. Satan het hierdie prentjie bederf deur 'n seksuele begeerte, deur die vrou, om kinders voort te bring. Hy het dit bederf. So, gaan voort en maak dit, dis in orde. Hierdie bewoning is om dié te bekom, want die enigste ding wat jy in hierdie lewe doen, is jou vorm en beeld bekom, wat jy is. As jy nou rooi-kop is, sal jy dan rooi-kop wees. As jy swart-kop is, sal jy dan swart-kop wees. Sien, wat jy op jou beste was. En as jy . . . Satan het die prentjie onderbreek, jy het

nie eens gekry . . . Wat God vir jou bedoel het om te wees, sal jy wees. O, hoe heerlik! Daar's jou mens.

93 Nou Génesis 2. Sê, ek moet gou maak, ek sal by hulle uitkom. (Het jy iets? Jy het? Kry jy enige? Het hulle gekry om beantwoord te word?) Goed, Génesis 2:18-21:

2. God het Eva uit Adam se rib gemaak, Génesis 2:18-21. Het God man en vrou geskape, toe vir Adam en Eva—Eva gemaak?

3. En het Kain vir sy vrou na die regverdige skepping van man en vrou gegaan?

94 Nou, laat ons nou . . . Ek nie . . . Die persoon is waarskynlik teenwoordig wat dit geskryf het. Nou, toe God . . . In die eerste vraag hier:

Het God man en vroue gemaak, van Génesis 2:18-21?

95 Nee. Ek—ek . . . soos—soos julle hier sal sien, 2:18-21 nou, let op:

> *Ook het die* HERE *God gesê, Dit is nie goed dat . . . mens alleen is nie; Ek sal vir hom 'n hulp*maat *maak wat by hom pas.*
>
> *En die* HERE . . . *het uit die aarde geformeer al die diere* . . . ensovoorts.

96 Nou, God het Eva uit Adam se sy gemaak. Die vrou het vandag een rib meer in die anatomie en die samestelling as wat die man het, want daar is 'n rib is uit Adam se liggaam geneem. Adam was alreeds gemaak en het geleef en was eensaam, en toe het God gesê: "Dis nie goed dat die mens alleen moet lewe nie."

97 So hierdie priesters ensovoorts wat die reg om 'n vrou te hê, ontsê word. Nou, dit, die Roomse kerk kan doen wat ook al . . . Dis hulle, hulle is die een wat daarvoor—wat daarvoor moet antwoord, nie ek nie.

98 Wel, ek is deur 'n—'n man gevra, onlangs, het gesê: "Wat dink jy?" 'n Priester, het gesê: "Wat dink jy van daardie jong priester hier in die stad wat daardie vrou gevat het, daardie meisie, 'n Jeffersonville-meisie hier, en met haar gaan trou het?" In die Ierse kerk, onthou julle. Ek het vergeet wat sy naam was.

99 Ek het gesê: "Hy het net soveel reg gehad om te trou as wat ek het. Dis presies wat ek daarvan dink." Ek het gesê: "Die enigste ding wat ek hou . . . Ek dink hy het verkeerd gedoen, hy moes na die kerk gegaan en sy amp bedank het en dan met die meisie gaan trou het, in plaas daarvan om sommer net so weg te hardloop."

100 Nou, julle onthou toe dit gebeur het 'n paar weke gelede hier in Jeff., die Ierse Katolieke priester hieronder. Hy's 'n jong kêrel, en hy sou gaan . . . het een of ander meisie geliefde hier. En toe hy . . . Hulle het hom 'n yslike groot liefdesgawe gegee, sou gemeentes met hom ruil, hom daar na Indianapolis êrens heen

stuur. En hy het net die liefdesgawe geneem, meisie en al, en padgegee en is getroud, en hulle het nooit weer van hom gehoor nie. Wel, hy het 'n reg gehad om te trou, maar hy het nie 'n reg gehad om dit te doen nie. Hy moes dit nie gedoen het nie. Hy moes na die—die kerk toe gegaan en gesê het: "Hier, ek bedank uit hierdie amp as 'n priester. Ek gaan trou, en daarmee is dit afgehandel."

101 Maar, nou, God wat vir Eva gemaak het, en—en Adam en Eva terselfdertyd, die enigste ding wat Hy gemaak het, was die bonatuurlike, die gees Adam en die gees Eva, die man en vrou. Toe, toe Hy gemaak het. . . Adam hierin geplaas het, was dit nie goed vir. . . Sien, dis God se prentjie wat die heeltyd ontvou. Alles soos dié, dis net—dit kom net reguit af, ontvou net mooi uit, wat uitkom deur die Millennium daar oorkant, en reguit voort in die Ewigheid in. Net God se prentjie wat net ontvou, God wat Homself ontvou.

102 Hier, het God Homself in Christus Jesus gemanifesteer, om te wys wat Hy was. Wat was Jesus? 'n Man van smarte, bekend met droefheid, liefdevol. Teenoor 'n prostituut: "Waar is jou aanklaers?"

"Ek het geen, Here."

"Ek beskuldig jou ook nie. Gaan, sondig nie meer nie."

103 Moeg en afgemat van omtrent dertig myl se stap daardie dag, deur die woestynsand en dinge; daar het 'n vrou van Nain uitgekom; en haar enigste seun, dood, het daar gelê. Hy het die begrafnis-optog tot stilstand gebring, Sy hande op hom gelê, gesê: "Staan op." En die seun wat dood was, het weer opgestaan. Dit—dis ons Here Jesus. (Dankie, Teddy, seun.) En daar, dit was ons Here Jesus. Hy was nooit te moeg nie, nooit te afgemat om iets goeds te doen nie. Goed.

Nou hier's nog 'n ding:

Het Kain gegaan na die—na die eerste skepping van man en vrou vir sy vrou?

104 Nou, daar is 'n vreeslike netelige vraag, nou luister baie mooi. Nou, o, ek het. . . julle het mense in die koerant sien sit: "Waar het Kain sy vrou gekry?" O, ek het dit altyd gesê.

105 En ek het nooit geleer daar is 'n brandende hel, vir omtrent vier jaar na my bekering nie. Ek moes dit in die Skrif sien. As ek nie weet nie, sal ek niks daaroor sê nie. Sien?

106 Maar, nou: "Waar het Kain sy vrou gekry?" Nou, dis die—die ontleding van hierdie vraag nou. "En het Kain gegaan na sy vrou na die skepping van man en vrou, vir sy vrou?" Sien? Nou, nou, een van die eerste. . .

107 Hierdie Mev. DeArk, julle het almal van haar genesing nou die aand gehoor, hoe God haar geseën het en alles. Sy het sterwend gelê, hulle het twee-uur in die oggend aangekom.

108 En so, nou, dis hoe ek gekom het . . . Haar seun, George, die seun was 'n medium, Ed, ook. Hulle was in die winkel, en ek het 'n bespreking destyds daar gehoor, waar die eerste . . . waar Kain sy vrou gekry het. Wel, die een wat die woord gevoer het, het skynbaar die beste van die argument gehad, hy het gesê: "Ek sal vir julle sê waar Kain sy vrou gekry het," het gesê: "Kain het gegaan en met 'n yslike groot wyfie aap getrou." En het gesê: "Uit daardie aap het die gekleurde ras voortgekom." Het gesê: "Julle let op die gekleurde persoon se kop is soort van *so* gepunt, soos—soos die aap is, aan die kop."

109 Wel, ek het daar gestaan, ek was net omtrent twee maande oud in die Evangelie. Ek het gesê: "Ek wil nie van julle manne verskil nie, want ek is nie 'n student nie, ek is pas gered. Maar," het ek gesê: "as dit so is, dan sou die gekleurde ras van mense ophou bestaan het toe die sondvloed vernietiging was, toe die wêreld met water vernietig is, want Noag en sy familie was die enigstes wat in die ark was. Dit was die enigstes wat in die ark was. Die gekleurde ras sou ophou bestaan het," ek het gesê: "as dit so was." Ek het gesê: "Nee, meneer! Die gekleurde ras het nooit daarvandaan gekom nie. Nee, meneer. Die gekleurde ras is van dieselfde boom af waarvan ons af is, en elke menslike wese, dieselfde een." Daar's geen verskil nie. Presies. Ons is maar net almal . . . Een mag geel wees, en die ander een bruin, die ander een swart, en die ander een wit, en die ander een vaal, en die ander een rooi, en net so aan, maar julle is almal van daardie selfde boom. Dis net die fisiese deel hierbuite. Dis reg. Jy's net soveel 'n mens, geskape hier deur God.

110 En nou, let op, hier nie lank gelede nie, hier gestaan en 'n paar dokters in Louisville, ek het gepraat van daar in Afrika, hoe daardie arme mense, die kanibaal-tipe, veral, hoe hulle 'n vrou daar gehad het, het 'n klein babatjie gevat, 'n klein babatjie gevind, en—en sy het dit so geslaan en aan 'n bos vasgemaak en dit vir 'n paar dae laat vrot, julle weet, tot dit besmet geraak het voor hulle dit eet, julle weet. Enige so-iets, hulle laat dit 'n rukkie vrot, word sag.

111 Moenie dink dis te erg van die kannibale nie. In Engeland doen hulle dieselfde ding, hulle maak fisante dood en hang hulle in die bome op, so as die vere eers daaruit begin val, dan eet hulle dit. Dis die moeder-ras van die Anglo-Saksiese mense, in Engeland. Dis reg. En moenie dink . . . Jy hoef nie Engeland toe te gaan nie, gaan net hier af in die suidelike state, jy sal dieselfde ding kry. Sekerlik. Enige mens wat 'n slak of—of 'n ratelslang kan eet, kan enigiets anders eet. So . . . Ja.

112 Nou let op, laat—laat ek vir julle vertel. Maar, hier's wat gebeur het. Die gekleurde . . . die—die gekleurde ras het niks hiermee te doen nie. Kain . . .

113 Nou, ek wil hê julle moet kyk. Hulle het gesê dat: "Hy na die land Nod gegaan het." Nou, Kain was in Eden. En Eden, die tuin van Eden, het oos van Eden gelê. Is dit reg? Die tuin van Eden was oos in Eden, die oostekant van Eden. En die Gérubs is geplaas, en die Boom van die Lewe was by die oostelike poort van die tuin, en dis daar waar ek dink Kain en Abel hulle offerande gemaak het. En dis daar waar die Gérub met die vlammende swaard hulle nie meer wou laat inkom nie, oos van die poort!

114 Het julle opgelet, Jesus sal uit die ooste kom. Die lig kom uit die ooste op. Alles kom. . . Beskawing het in die ooste begin en wes beweeg, totdat dit rondom draai en homself weer vang. Ons is die Westelike Halfrond. Daardie is die Oostelike, die Oostelike is die oudste beskawing. China is die oudste beskawing wat bekend is, aan geskiedkundiges, in die wêreld vandag. Ooste!

115 O, hoe sou ons ure kon spandeer op hierdie vrae, op een, maar dit sou net nie by die ander uitkom nie. Maar let op, hier's. . . Hoeveel sou wou weet wat ons van Kain glo, waar en wie Kain se vrou was? Laat ons sien. Goed. Ek sal vir julle sê wat Kain gedoen het, en dis die enigste verstandige antwoord wat jy kan uitdink: Kain het met sy eie suster getrou. Hy moes, want daar was toe net een vrou op die aarde; die Bybel gee net rekord van drie wat gebore is, Gam, Sem. . . of nie. . . verskoon my, was Kain, Abel, en Set. Maar as daar nie enige was nie. . . Die Bybel teken selde 'n dogter se geboorte aan. Julle weet dit.

116 Nou, ek pik beslis vanaand op die vroue. Maar, kyk, die wêreld aanbid vroue, maar vroue was in die begin die duiwel se instrument. En 'n onregverdige een vandag is die beste instrument wat hy het. Sy sal meer predikers hel toe stuur as al die smokkelhuise wat daar in die wêreld is. Laat 'n bakvissie met 'n sigaret in die hoek van haar mond, en haar hare so op ge-cuticure, en yslike groot lang wimpers wat op-en-af knip, broer, 'n klein. . . soort van 'n mooi figuur aan haar, kyk wat sy sal doen.

117 Prediker, jy beter jouself bedek met die Bloed van Jesus Christus. Dis reg. Nou, moenie vir my vertel nie, julle is mans! Ek het al te veel daarvan gesien. Nou, kyk hier. Die beste ding om te doen is om jou gemoed gesentreer te hou op Jesus Christus en laat jou gedagtes rein wees.

118 Soos Paulus gesê het daarin, het gesê: "Dis. . . Ons weet dat ons die krag het om 'n suster te lei. Ek het die krag om dit te doen, maar," het gesê: "ek sal dit nie doen nie." Sien, hy wou dit nie doen nie. Hy het gesê: "Ek weet dat die bediening moet leef volgens hulle—hulle. . . Nie die os moet muilband wat die koring uittrap nie."

119 Julle weet, ons dink partymaal, omdat ons 'n prediker is. . . (Nie ek en jy nie, dit sê ek nie, broer.) Maar predikers dink omdat hulle predikers is dat—dat hulle iemand groter as een van

die lekelidmate van die kerk is. Jy's nie groter nie en jy's niks meer in die oë van God as daardie dronklap wat 'n uur gelede bekeer is nie.

120 Dis een ding wat die reformasie nooit gelouter het nie, was hierdie dinge. Ek weet ek teken my naam "Eerwaarde." Dis presies, dis net 'n—'n gewoonte-ding van vandag, maar dit behoort nie gedoen te word nie. "Eerwaarde" en "Biskop" en "Doktor" en al daardie dinge is mensgemaakte titels, en hulle is onsin! In die Bybel was hulle "Petrus," "Jakobus," "Paulus," "Johannes," en al die res van hulle.

121 Paulus het gesê: "Nou, hier, ek weet ek verkondig die Evangelie, dit—dit—dis my plig." Ek's 'n prediker, hy's 'n prediker, Broer Neville is 'n prediker, maar dit. . . Dis ons plig, is om 'n prediker te wees. Wel, dis net wat ons veronderstel is om te doen. "Maar laat ek iets doen," het Paulus gesê: "wat bo dit verhewe is." "Nou, ek het 'n reg om geld op te neem," het Paulus gesê: "maar ek gaan tente maak net om vir julle te wys ek kan—ek kan opoffer." Hy het gesê: "Dis eerbaar, die huwelik is eerbaar onder almal, die bed is onbesoedel. Dis goed vir 'n man om getroud te wees." Hy het gesê: "Ek het 'n reg om getroud te wees. Nou, ek—ek kon getrou het, ek het 'n wettige reg om getroud te wees. Maar ek sal net nie trou nie, ek wil nog 'n opoffering vir die Here maak." Sien? Dan het hy gesê: "Elke mens ken sy roeping. Laat hom maak soos. . . Party is eunig vir die Woord van God se onthalwe, ensovoorts."

122 Ons wil iets meer as ons plig doen. En as jy werklik wedergebore is deur die Gees van God en sê: "Wel, dis my plig om kerk toe te gaan, ek skat ek sal moet gaan." O, goeiste! Wel, ek wil meer as dit doen, ek wil 'n paar siele vir Christus wen. Ek wil iets doen! Ek wil die siekes besoek of iets vir Hom doen. Dis my plig om begrafnisse te preek, dis my plig om die Evangelie te preek, dis my plig om vir die siekes te bid. Laat ek iets anders doen, laat ek uitgaan en iets doen waar God my daardeur sal eer.

123 Nou, terug na Kain. [Leë kol op band—Red.] Want Eva was die enigste vrou wat deur God gemaak is, en as sy geen dogters gehad het nie, toe daardie laaste vrou (die enigste vrou) dood is, sou die menslike ras ophou bestaan het. Is dit reg? Daar sou geen vroue meer gewees het nie. So sy moes dogters gehad het. En Kain het met sy eie suster getrou, want hy moes, daar's geen ander plek vir vroue om vandaan te kom nie.

124 En dit was wettig en geoorloof in daardie dae, selfs vir Abraham, en selfs tot daar by Isak. Isak het met sy eie bloedniggie getrou. En Abraham het met sy eie suster, bloedsuster, getrou. Sy vader se. . . Dis verskillende moeders maar dieselfde vader. En die kiem kom uit die manlike geslag. Sara, wat die wonderlike Isak voortgebring het. Is dit reg? Daar was toe niemand op die aarde nie.

125 Dit was alles in 'n tipe, getoon dat die . . . Hier is dit, broer! Isak . . . Rebekka is 'n tipe van die Kerk, en Isak is 'n tipe van die Bruid, Christus. Is dit reg? En hulle moet Bloedverwant wees! Halleluja! Amen! Bloedverwant!

126 So Kain het met sy suster getrou, en dis . . . Toe het hulle daar oorgegaan in die land Nod in. Nou, ons kom by 'n diep onderwerp as ons 'n bietjie verder sou gaan, en ek is bly julle het nooit verder as dit gevra nie, (soos: "Waar is daardie reuse wat daardie dag in daardie land was?" Joséfus en andere het baie argumente daaroor). Amen! As ek dit nie reg het nie, broer, gee dit weer Sondagoggend in. Goed.

4. Sal jy verduidelik Sondag is die eerste dag van die week en Saterdag is die sewende dag? Christene gaan kerk toe op Sondag, die eerste dag van die week. Behoort hulle nie op Saterdag, die sewende dag van die week te gaan nie?

127 Wel, nou, liewe vriend, wie ook al dit gevra het, dis 'n baie goeie vraag. Dis 'n ou vraag wat onder duisende studente vandag beredeneer is, maar kan ek, laat ek net my siening gee, julle sien, is al wat ek kan doen. En as ek nie reg is nie, wel, verdra julle—julle my maar, en God vergewe my, sien julle, as—as ek dit verkeerd maak.

128 Nou, sover as 'n wet . . . Nou, dis waarskynlik 'n Sewende-dagse Adventis persoon wat hier sit. Dit was my eerste studie, was Sewende-dagse Adventis. Dis reg. Was Sewende-dagse Adventis, wat ek eerste bestudeer het. En toe hulle vir my kom sê dat "die Saterdag was die sewende dag," broer, dit was volgens die Joodse kalender. En die Romeinse kalender het dit nie reggemaak nie, en Saterdag moes eintlik Sondag gewees het. Wel, hulle het aan my verkoop wat ek gedink het reg was. En solank as wat ek hulle literatuur gelees het, was ek reg daaragter, honderd persent, maar op 'n dag het ek 'n Bybel in die hande gekry en ek het toe gesien dit was anders. Sien?

129 Nou, Saterdag is die sabbatdag volgens die siklus van die week. Nou, ons weet nie. Dit is verander, en ons het soveel veranderinge gehad, jy kan nooit weet net wat was nie. Sien? Omdat ons . . . Nou, die Jode sê dat ons is net omtrent . . . dis tans omtrent iets in die 1970, volgens hulle siklus, hulle kalender. Die Romeinse kalender maak dit 1953. En hulle het 'n ander kalender gehad wat dit iets anders maak. Maar dis wat dit 'n bewys van Christendom maak, dis alles teruggebaseer na die geboorte van Christus. Sien julle, dis waarheen ons dit neem.

130 Nou, maar nou as 'n sewende dag, nou, daar's 'n klomp Pinkstermense wat sabbat—sabbat sabbatariërs is, hou die Saterdag sabbat. Nou, hulle sê: "Daar is geen Woord in die Bybel dat jy Sater- . . . Sondag as 'n dag moet onderhou nie." Nou, ek sal dieselfde ding sê oor die sabbat in die Nuwe Testament. Sien?

Nou, Saterdag was die sabbatdag wat vir die Jode gegee is. Nou, dit is net in 'n tyd gegee.

131 Nou, hierdie mag 'n ander vraag laat ontstaan as 'n wedervraag daaroor. Maar, let nou op. Toe God op die sewende dag gerus het, toe is die sewende dag nie in stand gehou, so—sover ek weet in die Skrif in, vir tot omtrent byna vyftien honderd jaar nie. En in die woestyn, het God vir Israel die sewende dag gegee as 'n teken tussen . . . God.

132 En God het die sewende dag gerus, Sy herdenkingsrusdag. Ek sê dit so vir die onthalwe dat dit 'n—'n Sewende-dagse Adventiste broer of -suster mag wees, sien, en hulle het 'n lieflike kerk. En let nou op, ek sou net 'n bietjie verskil van hulle oor—oor hierdie vraag.

133 Nou, God het die sewende dag geheilig. Ses dae was die mens. Sewende dag was God se rusdag, wat 'n tipe, 'n tipe van die Millennium, was. Nou, let nou hierna op, hoe—hoe dit inskakel. Nou toe Jesus na die aarde toe gekom het, wat vir Jesus gekruisig het, was dat Hy nie die sabbatdag onderhou het nie; die enigste twee beskuldigings wat hulle teen Jesus gehad het, was dat "Hy die sabbatdag gebreek het, en Homself God gemaak het." En Hy het gesê Hy is die Here van die sabbat. Hy het . . . Hy was ook God se Sabbat, en Hy was God. So hulle het geen manier gehad om Hom te beskuldig nie.

134 Nou, laat ek dit net vir julle besleg en vir julle wys watter dag ons moet onderhou. Nou, is daar 'n Skrif? Ek sal dit vra om julle onthalwe:

> **Is daar 'n Skrif, Broer Branham, wat vir ons sê en ons die outoriteit gee om Sondag te onderhou net soos die Jode Saterdag onderhou het?**

135 Nee, meneer, daar is nie. Nie 'n Skrif in die Bybel, of in die Nuwe Testament, vir ons om óf Saterdag óf Sondag te onderhou nie. Maar waarom ons Sondag onderhou, is 'n herdenking van die opstanding. Niks . . .

136 Nou, julle gaan sê: "Die Rooms Katoliek het dit gedoen." Hulle maak daarop aanspraak dat hulle het, maar as hulle het, was Paulus 'n Rooms Katoliek, en so ook Petrus, Johannes, en Jakobus, en die res van hulle, want hulle het op die eerste dag van die week byeengekom vir hulle aanbidding. En, volgens geskiedkundiges, die enigste manier wat hulle kon onderskei tussen 'n Christen Jood en 'n ortodokse Jood (hulle het beide na sinagoges gegaan), maar een het op Saterdag gegaan (wat die opstanding van Jesus ontken het), en die ander een het op Sondag gegaan (wat geglo het dat Jesus uit die dood uit opgestaan het). En dit was 'n teken. En dit sal wees, dis steeds 'n teken, en dit mag uitkom om die teken van die dier te wees.

137 Nou, ek weet dat die, ons liewe Sewende-dagse Adventiste broers dink dis die Seël van God. Hulle het gesê: "Jy word verseël

deur die sabbat te onderhou." Daar's nie 'n Skrif in die Bybel wat dit sê nie.

138 En hier's 'n Skrif in die Bybel wat sê dat—dat jy verseël is, Efésiërs 4:30, het gesê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van julle verlossing," die doop van die Heilige Gees.

139 Nou ek sal vir julle bewys dat God se Seël die doop van die Heilige Gees is. Sien? Dis die doop van die Gees, is die Seël van God. Nou, Jesaja 28, het hy gesê: "Dit is gebod op gebod, reël op reël, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie."

140 Nou kyk, nou, liewe vriend. Nou, die mense wat ophou werk het. . . Sien, mense probeer iets vind om hulleself te red. Daar's nie 'n ding wat jy daaraan kan doen nie. Jy word deur genade gered. God doen die roeping, God doen die redding. Jy volg net die—die voetstappe van God, dis al. Jy kan nie sê nie. Dis wat die aard van 'n mens is. Hulle probeer ophou vleis eet, hulle probeer sabbatdae onderhou, hulle probeer om. . . "As jy sou ophou om *dit* te doen." Dis. . . Jy word nie gered deur nie vleis te eet nie. Jy word nie gered deur *dit*, *dat*, of die *ander* nie, Jy word gered uit genade! En God gee, deur genade, vir jou die nuwe, Ewige Lewe. Sien wat ek bedoel? En Ewige Lewe is die doop van die Heilige Gees.

141 Nou laat ek vir julle wys. Wat beteken die woord *sabbat*? Sal iemand wat weet, net jou hand opsteek? Sabbat? ['n Suster sê: "Rus."—Red.] Rus. Presies. S-a-b-b-a-t, sabbatdag, beteken "r-u-s," rusdag. Gaan jou kantskrif in die Bybel na en kyk: "Rus"dag. Nou kom ons gaan na Hebreërs, die 4de hoofstuk, net gou-gou. En ons sal. . .

142 Dit—dit is my laaste vraag net hier. En, broer, kyk of Broer Neville hulle daar het. Ek weet 'n paar van hulle is kortes, so ons sal julle nie meer veel langer hou nie. Nou, verskoon my terwyl ek hulle kry.

143 Nou, wanneer julle die woord *rus* hier sien, dan weet julle dit beteken "sabbat."

144 Nou, hier's die Nuwe Testament. Jesus, in Matthéüs, Hy begin by die 5de hoofstuk van Matthéüs, en Hy begin so: "Julle het gehoor hulle sê, hulle van die ou tyd: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.'" Dit, wat was dit? Die wet, gebooie. "Maar Ek sê vir julle, dat, wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer." Het dit verander, het Hy nie? "Julle het hulle hoor sê, hulle van die ou tyd: 'Jy mag nie doodslaan nie,' maar Ek sê vir julle!" Het dit verander, het Hy nie? (Gedink Hy het nie die wet verander nie?) Goed. Hy het gesê: "Maar Ek sê vir julle dat wie ook al vir sy broer kwaad is sonder 'n rede, het alreeds doodgeslaan." Dit was nooit destyds onder die Ou Testament nie, dis Nuwe Testament. Hy het net daarmee daar verbygegaan. Sien? Hy het voortgegaan en daardie gebooie uitgegee, maar Hy het uitgelaat, Hy het die

vierde een, wat die sewende dag is, oorgeslaan. Nou in die 7de hoofstuk, waar Hy . . .

145 In die Saligsprekinge, hier's wat Hy gesê het, Hy het gesê: "Julle het gehoor hulle sê, hulle van ouds: 'Jy moet, en jy moet nie,' en Ek sê vir julle anders. Julle het gehoor hulle sê: ''n Tand vir 'n tand, en 'n oog vir 'n oog,' maar Ek sê vir julle! Julle het hulle anders hoor sê, maar Ek sê vir julle!"

146 Nou, aan die einde van dit alles, het Hy die vierde gebod uitgelaat. Nou, dit was: "Onthou die sabbatdag en heilig dit." Nou Hy het gesê:

> *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee* vir julle siel.

147 Nou kyk: "Wie ook al hoerery pleeg, moet gestenig word," hulle moes reg in die daad van hoerery wees. Is dit reg? En dit moes fisies gedoen gewees het. "Wie ook al doodslaan," hy moes 'n moordenaar wees.

148 Maar Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk," sy siel, gees, niks nou in sy liggaam nie. Sy siel is verlos, dit was nie toe nie; dit was 'n skoolmeester, sien, die wet was. Nou het Hy gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Nou het Hy gesê: "Julle het gehoor hulle sê: 'Jy mag nie doodslaan nie,' maar Ek sê wie ook al vir sy broer kwaad is sonder 'n rede, het reeds doodgeslaan."

149 Nou het Hy gesê, met ander woorde, oor die sabbat, het Hy gesê:

> *Kom* na *My toe, almal wat vermoeid . . . belas is, en Ek sal vir julle rus gee* vir julle siele, sabbat vir julle siele. (nie vir die fisiese liggaam nie, vir jou *siel*.)

150 Nou, luister—luister nou na Paulus. As julle net kan . . . Ek weet dis warm en alles, dis hierbo ook warm. Maar, nou, laat ons dit goed kry, sodat ons seker sal wees ons besleg dit. Nou, Paulus, wat skrywe aan die Hebreërs. Wie was die Hebreërs? Praat harder. Die Jode. Is dit reg? Nou, hulle was die wet-onderhouers, die sabbat-onderhouers. Is dit reg? Is dit reg, broer, prediker? Hulle was sabbat-onderhouers, hulle was wet-onderhouers. Goed.

151 Nou, Paulus bring die Jode, deur skadu's en tipe, wys wat die wet getipeer het: "Die wet het 'n skaduwee van die goeie dinge wat moet kom," en hy gaan voort en gee dit daar in een plek as die maan en die son. Soos die—die—die maan net 'n skadu is van die son wat op 'n ander land of 'n ander wêreld skyn, en dit hierheen terug weerkaats. Nou, maar nou, en dit kon nie, die . . . Hebreërs 9.

152 Nou, let nou op in Hebreërs 4, kom hy by die sabbatproposisie. Nou kyk:

Laat ons dan vrees dat, terwyl die *belofte om in sy rus* in te gaan *nog standhou,* . . .

153 Nou, Paulus praat nou met sabbat-onderhouers, die mense wat die sabbatdag onderhou het. "Laat ons vrees terwyl 'n belofte vir ons nagelaat is oor 'n sabbatdag," met ander woorde. Of as julle na julle kantskrif sal oplet, of die "onderhou van 'n sabbat." Dis "*j*" in myne, uit die Scofield Bybel, of die "onderhou van 'n sabbat." Sien? Goed.

Laat ons . . . vrees, terwyl die belofte nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat . . . agtergebly het nie.

Want aan ons is die evangelie ook verkondig, net soos aan hulle (destyds onder die wet): *maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit* by *die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*

154 Nou, dis destyds onder die wet. Hulle het nie geloof gehad nie, want daar's niks om dit op te baseer nie. Sien? Goed:

Want ons wat geglo het, gaan Sy *rus in, soos hy gesê het,* . . .

155 Nou: "Sy" rus. Nou: "Sy," dis Christus se Rus. Goed, Sy Rus, Sy "sabbat." En elke keer dat ek *rus* sal gebruik, dit daar geskrywe is, gaan ek die "sabbat" gebruik sodat julle sal verstaan oor die onderhou van 'n dag. Sien?

Want ons wat geglo het, gaan Sy sabbat in, rus, soos hy gesê het, . . . *het Ek in my toorn gesweer,* (aan die Hebreërs) *hulle sal in my rus nie ingaan nie: alhoewel* . . . (Nou, let op hoe Paulus dit God se geheiligde dag gaan maak) . . . *alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.*

Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek vir 'n rus, of 'n sabbat . . . (Is dit reg? Ek gaan dit daar plaas, sien.)

Want Hy het êrens (in die wet) *van die sewende dag so gespreek, En God het* op *die sewende dag van al sy werke gerus.*

156 Daar's jou sewende dag. Nou, Paulus sou erken dat God dit vir hulle gee, dit was die sewende dag. En God het die sewende dag gerus, Hy het die sabbatdag geseën, Hy het dit geheilig, en Hy het dit gewy, en dit 'n dag van rus gemaak. God het dit gedoen, van al Sy werke.

En nou hier weer, Hulle sal in my rus nie ingaan nie. (Jesus wat praat.)

157 Nou, daar's 'n ander sabbat êrens. Waar is dit? Nou, onthou dit hier: "God se rus," daardie sewende dag. Paulus het gesê: "Hulle het dit op 'n sekere plek gehad." Maar nou weer het hy

gesê: "As hulle in My Rus sal ingaan," beslis gepraat van Jesus in Matthéüs.

> *Terwyl dit* dan *so* bly *dat sommige daar* ingaan*, en* diegene aan *wie die evangelie eers verkondig is, deur ongeloof nie . . . gegaan het nie:*
>
> *Bepaal hy weer, . . .*

158 Nou luister goed! Almal wat luister, sê: "Amen!" [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Luister:

> *Bepaal hy weer 'n sekere dag, . . .*

159 Hy het hier 'n dag bepaal. Wat was dit? Sê dit almal tegelyk. Die sabbat! Is dit reg? Hy het die sewende dag van die week in hierdie plek as 'n sabbat bepaal.

> Bepaal *hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as hy soveel later deur Dawid spreek* (in die Psalms), *soos gesê is: Vandag;* (tot Jesus kom, sien julle, die eerste keer) . . . *soos gesê is, Vandag as julle . . . stem hoor, verhard julle* hart *nie.* (daar kom 'n ander rus; nie 'n fisiese nie, 'n *geestelike*)

160 Nou, kyk. O, julle sê: "As ons die sewende dag ook het." Nou, stadig net 'n oomblik. Kom ons lees die volgende vers, sien, moet dit nie te gou probeer begryp nie. Goed:

> *Want as Jesus aan hulle* het . . . *Want as—as Jesus aan hulle rus,* rusdag*, gegee* het*, sou Hy nie van 'n ander dag* daarna *spreek nie.*

161 Toe Hy die wet verander het, van die wet na die genade, sou Hy hulle nie 'n dag gegee het om te rus, 'n rusdag, 'n sekere dag nie? Maar Hy het nooit iets oor die sabbat gesê nie. Hy het nooit iets oor Sondag gesê nie, Hy het nooit iets oor Saterdag gesê nie. Maar hier is wat Hy wel gesê het, Paulus gesê het. Nou kyk: "Daar . . . " Die 19de . . . of die 9de vers:

> *Daar bly dus 'n* sabbat *oor vir die volk van God.* (Dis vandag!) . . . *Daar* bly . . . *'n* sabbat *vir die volk van God.*
>
> *Want wie* (ek en jy) wat *sy rus ingegaan* het (Jesus se Rus: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle Rus gee"), *rus ook self* (ek en jy) *van sy werke soos God van syne* aan die begin.

162 Amen! Daar's jou sabbat. Is dit reg?

> *Laat ons ons dan beywer . . .* (het Paulus gesê) . . . *om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongeloof* sal *val nie* (van dae ensovoorts, sien).
>
> *Want die woord van God is lewend, en kragtig, en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur . . . die skeiding van siel . . .* en *'n beoordelaar van die . . . en van . . .* (laat ons sien) . . . van die *gees, en van die . . .* (net 'n oomblik) . . . *tot die skeiding van* die *siel*

en die *gees, en . . . die gewrigte en* die *murg, en . . . 'n beoordelaar van die oorlegginge en* die *gedagtes van die hart.*

En daar is geen skepsel . . . onsigbaar *voor hom nie:* want *alles is* oop en bloot voor Sy oog *van hom* in *wie ons te doen het.*

163 Nou, kyk, God het die sewende dag gerus, die sewende dag daargestel, dit vir die Jode as 'n herdenking gegee. Ek praat nou van Paulus, sien, hier. Nou, dink julle hy het Dit oorgedra? Dink julle hy het 'n reg gehad? Nou, wat het hy in Galásiërs 1:8 gesê? "As 'n Engel uit die Hemel sou kom en julle enige ander Evangelie verkondig as wat ek gesê het, laat hom vir julle 'n vervloeking wees." Sien, die evangelies is duidelik. Nou, kyk.

164 "Wel, Broer Branham, nou wat sal ek doen, net in Jesus Christus glo?" Nee. Dis nie die Rus nie.

165 Nou, as julle wil weet wat . . . Hoeveel wil weet wat die Christelike Rus is, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Nou, julle kan dit afmerk as julle wil, Jesaja 28. Hy het gesê: "Want dit is gebod op gebod—gebod," gepraat. "Gebod op gebod, reël op reël, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie, en hou vas aan dit wat goed is." Die profeet wat praat van die tyd wat kom, van Rus, sabbat. Lees die hele hoofstuk, sien, hy sê: "Tye daar wanneer daar met die sabbat weggedoen sal word," en hulle sal skoene verkoop op die Saterdag net soos hulle dit op Maandag gedoen het, of wat ook al meer. Sien julle? Het gesê: "Wanneer sal hierdie tyd wees?" Het gesê:

. . . gebod op gebod; . . . reël op reël; hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie: hou vas aan wat goed is.

Ja, Ek *sal deur lippe wat hakkel, en deur 'n vreemde* tonge *met hierdie volk spreek.*

. . . En *dit is die* sabbat, *die rus* wat Ek gesê het hulle moet ingaan. En oor alles Hiervan het hulle hulle harte verhard en hulle koppe geskud en Dit verwerp. (Net dieselfde wat hulle op Pinkster gedoen het toe die Heilige Gees op die mense geval het, en die Heilige Gees die eerste keer vir die mense gegee is destyds daar op die Pinksterdag. Dit is die Rus, die sabbat van die mense van God.) . . .

166 So die enigste rede waarom ons Sondag onderhou, is begin deur ons ou vaders van die Bybel, Paulus, Johannes, Matthéüs, Markus, Lukas, en hulle almal, hulle het van huis tot huis gegaan, hulle het nagmaal gebruik op die eerste dag van die week wanneer die dissipels bymekaar gekom het, en dit is genoem, nie 'n sabbat nie, maar die Here se dag.

167 Johannes het gesê, op die Eiland van Patmos, was alreeds amptelik gevestig in die kerk: "Ek was in die Gees op die dag van die Here." Dis reg. Sien? En toe hy sien . . .

168 En—en, nou, die dag van die Here is—is die dag wat die Here opgestaan het. Nou, gaan kry julle die geskiedkundige Joséphus, Actibus [Onseker spelling—Red.], baie van die ander. Of nie Actibus nie, o, ek kan nie . . . Enige van daardie skrywers van ouds, en julle sal uitvind destyds daar. Die geskiedskrywers van die kerk, *Foxe se Boek van Martelare*, baie ander, en julle sal daar uitvind dat die enigste verskil . . . Hulle is 'n groep Jode. Een van hulle het hulle "kannibale" genoem, dit was die Christene. Hulle het gesê: "Daar was 'n man vir wie Pontius Pilatus doodgemaak het en die dissipels het gekom en sy liggaam weggesteel. En hulle het dit weggesteek, en elke—elke Sondag gaan eet hulle 'n deel daarvan." Hulle het nagmaal gebruik, julle sien. Hulle het net . . . Hulle het Sy liggaam geneem, julle sien. Hulle het gesê hulle het die Here se liggaam geneem, die nagmaal. En hulle het nie geweet wat dit was nie, en hy het gesê: "Hulle was kannibale." Het gesê: "Hulle gaan eet op die eerste dag van die week, hulle kom saam en eet hierdie man se liggaam."

169 En die enigste manier waarop jy kon sê of hulle wet-onderhouers was en die opstanding bitterlik ontken het, en of hulle Christene was en in die opstanding geglo het, die een het op Saterdag kerk toe gegaan en die een het op Sondag kerk toe gegaan, wat 'n onderskeid tussen hulle was.

170 Dis nogal sterk, is dit nie? Goed. Hoop dit kry dit. Die Heilige Gees is . . .

171 Nou, het jy iets daar, broer? Jy wil . . . Wil jy—wil jy nader gaan en dit beantwoord? Laat ons sien, net hier. O, ja.

5. Sal die Jode steeds 'n geleentheid hê om gered te word nadat die Heidense dispensasie tot 'n einde gekom het?

172 O, goeiste, as dit nie 'n mooie is nie! Ons het nie tyd om regtig goed daarop in te gaan nie, maar laat ek vir julle dit sê. En vat my woord, ek sal vir julle wys. Deur . . . As julle my woord sal aanvaar (soos ek dit verduidelik) aan God, gaan soek dit dan op, sien, en dan sal julle uitvind. Want ek kan my voorstel . . . Ek kan nie die horlosie sien nie, maar ek veronderstel dis oor . . . Hoe laat is dit? Wat? Halftien. Ek moet nog hospitaal toe gaan, en moet nog New Albany toe gaan, en ons moet om vyf-en-twintig minute oor drie in die oggend opstaan. So . . . En ek was nie enige nag van hierdie week in die bed gewees voor twee- of drie-uur nie.

173 Nou let hier op, gou-gou nou, om dit te kry. Ja, my liewe Christenvriend, die dag van die Heiden is verby, word tans beëindig. En God sal na die Jood toe terugkeer. En laat ek vir hierdie kerkie sê dat ek gedurigdeur bid. En profesieë van verskillende dele van die land, hulle stroom hier in hieroor.

Ek glo dat die Jood. . . Nou, hou nou net julle baadjies vir 'n oomblik aan.

174 Die Jood kon nog nooit hierdie een ding van die Christelike kerk begryp nie. Die Jood het al baiekeer vir my gesê: "Broer, jy kan God nie in drie dele kap en Hom vir my gee nie." Die Jood het een God, en dis Jehova.

175 En die Heiden het dit soveel wanvoorgestel, dat hy dit op 'n manier geleer het, tog, met kennis. Ek glo hy—hy het 'n —'n begrip daarvan, dat daar nie drie gode is nie. Daar's een God, drie manifestasies. Drie persoonlikhede in een Persoon. En wanneer jy die boodskap kan kry, het ek vir Hyman Appleman gesê. . . Baie van julle ken hom. Hy het gesê: "Broer Branham, as jy daardie boodskap Palestina toe neem, met die tekens en wonders," het gesê: "sal daar 'n miljoen Jode wees wat Jesus Christus as persoonlike Saligmaker aanneem." Sien, dis reg. Nou, ek het gesê. . .

176 Hier's die Boodskap wat ons hier het. Jesus was Jehova gesluier in vlees, het gesluierd neergedaal. Nou, God (Vader, Seun, en Heilige Gees) is nie soos jou vinger, een, soos party mense daaraan dink nie. Die hele ding is net soos. . . Nee, God is. . . Ek het dit pas, 'n rukkie gelede, vir julle ontvou, dat daar 'n drie-eenheid in die Een is.

177 Ek is 'n drie-eenheid in een. Ek is siel, liggaam, en gees, in een persoon. Is dit reg? Sekerlik. Ek is—ek is opgemaak uit—uit selle, bloed, en senuwees, en tog een wese. Sien? Alles waarna jy kyk, is in 'n drie-eenheid, en 'n drie-eenheid in een.

178 Daar was 'n drie-eenheid in die ark. Die onderste vloer, die kruipendes; die tweede vloer vir die voëls, vlieëndes; en die derde vloer vir die Noag en sy familie. Alles!

179 In die tabernakel. Daar was 'n samekoms, die heilige plek, die Allerheiligste. Sien?

180 En daar was drie bedelings gewees. Die Vaderskap, die Seunskap, en die Heilige Gees bedeling. Sien julle wat ek bedoel? Maar daardie drie almal. . . Ons sê nie: "ons Gode" nie. Dis heidens, en die Jood weet dit. Maar wanneer jy dit by hom kan tuisbring dat hierdie Jesus God, Jehova God, IS, nie 'n tweede persoon of 'n derde persoon nie, dis dieselfde Persoon die heeltyd wat Homself manifesteer. Sien? En dan met tekens en wonders om te bewys dat Jesus uit die dood uit opgestaan het.

181 En hierdie Doktor Reidhead. . .

182 Broer daaragter, die onderwyser van kerk, onderwyser van, 'n skoolmeester, hier in die kerk vanaand, ek het hom gesien, en ek het handgeskud met sy vrou en baba daaragter. Hy was daar gewees nou die aand om hom te hoor preek. Ek dink hulle is hier, as hulle nie vertrek het nie, dink hy's 'n skoolmeester in Louisville. In elk geval, hulle was daar om na hom te luister.

183 Dis merkwaardig, die man het na my huis toe gekom, hy en 'n ander (en 'n Jood), 'n paar maande gelede. En hy het gesê: "Broer Branham, ek het *so-veel* grade in Bob Jones. Ek het. . . van Wheaton af." Al die geleerdheid wat in hom opgehoop kon word! Het gesê: "Ek het God geglo vandat ek 'n klein seuntjie was." En het gesê: "Steeds is my lewe leeg!" Hy het gesê: "Was die leermeesters verkeerd?"

184 En hier is die opvatting. As enige. . . As party van julle daar by die Ope Deur was nou die aand, toe ons 'n paar was wat saam gepreek het. Hy het gesê: "Toe ek my toestemming gekry het. . . " Nou, luister, tabernakeltjie, oor julle gebede en dinge wat van hulp was, luister hierna. Hy het dit tevore vir my gesê, hier by die huis.

185 Hy het na my huis gekom, hy het gesê: "Broer Branham," gesê: "ek was verstom." Hy het gesê: "Is daar iets groter as dit wat ek geglo en aanvaar het, Christus as my persoonlike Saligmaker? En ek glo dat ek wedergebore is uit die Gees, maar ek het geen getuienis van enigiets nie."

186 Ek het gesê: "Broer, so erg as wat ek haat om dit te sê, die leermeesters het jou bedrieg, jou opleiding."

187 Kyk, soos ek—ek dit kan sê, ek glo nie daarin om op jou duim na die Hemel te ry nie: "Glo julle dit?" in die kerke: "Nou, hier, laat ek hierdeur blaai, die—die Bybel sê *dit*, glo jy dit?" Die duiwel glo en sidder! Dit is nie wat jy glo nie. Jou gees moet daarvan getuig met Sy Gees dat julle seuns en dogters van God is, deur wedergebore te word en die doop van die Heilige Gees te ontvang het.

188 Hy het gesê: "Broer Branham, wat dink jy van Pinkstermense?"

189 En ek het gesê: "Dis waarom ek met hulle te doen het. Dis waarom ek—ek my met hulle bemoei, hulle het iets wat jy nie het nie." Ek het gesê: "Met hulle fanatisme en alles, het hulle 'n waarheid waarvan jy niks weet nie." En ek was besig om met een van die grootste manne in Amerika te praat, toe. Ja, meneer. Hy's die president van Sudan Sendings, is die grootste in die hele wêreld, fundamenteel tot op die kern. Hy het die Skrifte geken, en die *dood*, *begrafnis* en *opstanding*, preek dit net soos 'n huis wat aan die brand is. Maar dit is nie Dit nie. Die duiwel kan dit ook doen. Die duiwel is net so fundamenteel as wat hy kan wees.

190 Maar, broer, Jesus Christus het gesê: "Tensy 'n mens uit die Gees van God gebore is, sal hy die Koninkryk van God nie sien nie."

191 Nie net omdat jy sê: "Ja, ek glo dit. Ja, ek—ek glo dis so. Ek glo dit. Ja," nie. Dit doen dit nie. Dit moet 'n werklike ondervinding van die nuwe Geboorte wees. Dit moet iets tussen jou en God wees dat jy weet dat jy oorgegaan het uit die dood in die Lewe.

192 Het gesê: "Broer Branham, kan ek die Heilige Gees ontvang?"

193 Ek het gesê: "Ek het pas daar op Hyman Appleman die hande gelê, en hy het die doop van die Heilige Gees ontvang."

194 Hierdie ander Jood het begin huil, en het die glas daar op die koffietafel gebreek, en 'n groot dam daarop gehuil. Beide van hulle het gesê: "Broer Branham, hoe ontvang ons die Heilige Gees?" Geleerdes! Skerpste, gevat! Die beste wat daar in die land is!

195 En ek het gesê: "Die apostoliese manier van die Heilige Gees ontvang, is lê die hande op hulle." Dis reg.

196 "Oplegging van hande." Ananias het gekom om die hande op Paulus te lê sodat hy sy gesig kon kry en met die Heilige Gees vervul kon word.

197 Filippus het soontoe gegaan en daar gepreek, en het 'n hele klomp daaronder gedoop in die Naam van Jesus Christus. Die Heilige Gees het nie op een gekom nie, want Petrus het die sleutels gehad. En hy het daar gekom, en hy het hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Is dit reg?

198 Paulus, in Handelinge 19, nadat hy daar verby is. Apollos, was die Billy Graham tipe daarbo gewees, het 'n groot herlewing en 'n wonderlike tyd gehad. Hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang vandat julle geglo het?" vir daardie klomp Baptiste.

199 Hulle het gesê: "Ons is Johannes se volgelinge. Ons weet! Apollos is ons prediker, hy's 'n bekeerde prokureur, slimste man in die land."

200 Hy het gesê: "Maar het julle die Heilige Gees ontvang vandat julle geglo het?"

Hy het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

Het gesê: "Hoe is julle dan gedoop?"

Het gesê: "Ons is gedoop volgens Johannes."

201 Het gesê: "Hy het gedoop tot bekering, gesê dat julle glo in Hom wat kom, in Jesus Christus." En toe hulle Dit gehoor het, is hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus. En Paulus het hulle die hande opgelê en hulle het die Heilige Gees ontvang, in tale begin praat en vir God grootgemaak. Dis so duidelik as wat ek die Skrif ken.

202 Nou, kyk, vriend! Daar mag hier 'n bietjie verskil in julle opinies wees, want ons is verward met alles. Maar kom ons lê dit uit, nie julle interpretasie probeer gee nie. Sê wat die Bybel sê, lees Dit net so.

203 En ek het gesê: "Die enigste ding wat ek weet, broers, is om die hande te lê op hulle wat die Heilige Gees soek."

204 Hy het gesê: "Sal jy hande lê en—en vir God vra om ons te seën en vir ons die Heilige Gees te gee?"

205 Ek het gesê: "Ek sal." En ons het neergekniel op die vloer, en ek het gebid en hande op hulle gelê. En omtrent 'n paar weke daarna, het albei van hulle die doop van die Heilige Gees ontvang. En toe hierdie Doktor Reidhead die doop van die Heilige Gees ontvang het, gekom deur die praat in ander tale. Ja, meneer.

206 En julle Sudan Sendings het gesê: "Ons het geen plek vir 'n man wat in tale sal praat nie."

207 En hy het na my toe gekom en gesê: "'Iemand wat in tale praat'?"

208 "Wel, wel," het ek gesê: "hulle het geen plek vir Jesus Christus nie, want Jesus Christus het in onbekende tale gepraat; en het gesterf, aan die praat in onbekende tale."

209 Hulle kon nie Paulus se prediking aanvaar nie, Paulus het meer as hulle almal in tale gepraat.

210 Een het gister vir my gesê, gesê: "Ek sou liewer vyf woorde met insig praat."

211 Maar Paulus se onderrigting het gesê: "Beywer julle om te profeteer, en verbied nie die praat in tale nie." En hulle word verbied om in tale te praat!

212 Praat in tale is 'n Goddelike gawe van God wat in die kerk tuishoort vandag net soos dit destyds in die begin was. Dis presies die Waarheid. Ja, inderdaad! Dis die Bybelse leer. Dis 'n Goddelike gawe, en jy ontken dit net soos wanneer jy—jy die Wedergeboorte ontken, ontken jy alles wat Jesus geleer het wanneer jy dit probeer uitlaat.

213 Nou, jy kan daarmee op loop sit, baie van hulle het. Maar ek sê: "Dit het sy plek." Dis net soos 'n paar skoene; wanneer jy 'n paar skoene koop, is die tonge in hulle. En dis reg. Wanneer jy in die Liggaam van Christus is, het God die hele tafel hier gedek. Hy het liefde, Hy het vreugde.

214 As ek na jou tafel gegaan het en daar gaan sit het, en jy het gesê: "Prediker, kom eet by my," glo ek jy het my lief. En jy het boontjies en aartappels en wortels en gebraaide hoender en pampoentert en roomys gehad, wat alles daarop geplaas is. Wel, ek glo ek sou net so welkom wees om die aartappels te eet as wat ek die boontjies sou eet. Al ding, ek glo ek sou net so welkom wees om die hoender te eet as die tert. Dis alles op die tafel. En al wat ek moet doen, is sê: "Sal jy asseblief vir my van die tert aangee?" En ek glo met 'n goeie vry hart, jou liefde vir my, sou jy sê: "Sekerlik, my broer, kry 'n lekker groot stuk daarvan." Is dit reg? As ek sou sê: "Sal jy vir my aartappels aangee?" "Wel, sekerlik, my broer, hier is dit."

215 En elke verlossende seëning waarvoor Jesus Christus gesterf het en in Sy versoening op Gólgota gekoop het, dit is op die tafel en elke gelowige sit daarvoor. Halleluja! As ek genesing nodig het, sê ek: "Vader, gee vir my van die genesing aan," en ek giet dit uit op my bord en eet 'n groot. . . Nou, as jy van honger wil doodgaan, gaan voort. Ja, meneer. En profesie, praat in tale. . .

216 En—en toe het die man daarin geskryf, hy het nie geweet dat ek gepraat. . . al self in tale gepraat het nie. En hy is hierdie boek aan die skrywe, julle sal vind dit sal die nasies uiteen laat spat. En behalwe dit, het hierdie man vyf-en-twintig uitstaande bedienaars van die Moody Bybelinstituut wat die gawe van praat in tale, verlang. Die fundamentele mense is op hulle kop staangemaak. *The Christian Life*, hierdie—hierdie maand, kyk na die *Christian Life* tydskrif hierdie maand, op bladsy negentien, en kyk na daardie groot doktor in godsgeleerdheid, het gesê: "Sal ons dit aanvaar? Het ons iets verloor?"

217 Ek hoor die oorvloedige reën kom! Jy het mense wat dit die hoek omdraai, maar dit het by 'n punt gekom dat God die Heidense wêreld 'n skudding gee met die doop van die Heilige Gees, Dit uitgiet met al Sy volheid en kragte en tekens en wonders. Die rede waarom ek hou. . . die Pinkster is uitgestoot op die hoek en het so oorboord gegaan met verskillende dinge, die tyd was nog nie ryp nie. Dis waarom hulle al hierdie fanatisme gehad het. Maar dis God se Goddelike belofte en God se Goddelike Woord, en Dit moet vervul word, want God het alreeds so gesê. En ek glo net voor die beëindiging van die Heidense bedeling dat God op fundamentaliste sal uitstort.

218 Julle kan dit lees in *Reader's Digest* hierdie maand, hierdie Augustus-uitgawe daarvan. Gaan kyk daarna, hoe daardie Metodiste prediker daar op die preekstoel daar, bid vir daardie man wat daar sterwend op 'n hospitaalbed lê, en die getuienis van die Heilige Gees het gekom en die man is oombliklik genees. Halleluja! Sekerlik. God het Goddelike genesing wat hier op die tafel is! Hy het profesie wat hier op die tafel is! Hy het praat in tale hier op die tafel! Hy het nege geestelike gawes in die Liggaam, en jy is welkom tot elkeen van hulle! Halleluja! Ja, meneer, hier is ons.

Sal. . . Met die afsluiting van die Heiden, sal die Jode teruggebring word?

219 Ja, meneer. Baie Skrifte, suster, broer, wie dit ook al is. Joël vir een: "Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter gevreet," ensovoorts, daardie boom. En Jesus het Self gesê hoe hulle weggedraai sou word en alles. O, die hele Skrif, Daniël en oral, praat daarvan. Ja, Jesus het gesê: "Wanneer julle die vyeboom sy botsels sien uitstoot, weet dat die tyd naby is."

Ek dink hierdie ander een het iets hiermee te doen:

6. Glo jy dat die Jode se—Jode se terugkeer na Palestina 'n vervulling van die Bybelse profesie is? Ons het gehoor jy gaan Palestina toe, is dit waar?

220 Ja. Ja, meneer. Laat ek vir julle iets sê, een van die grootste. . . As jy wil sien watter tyd van die jaar dit is, kyk op die almanak. As jy wil sien hoe laat in die nag dit is, kyk op die horlosie. As jy wil sien in watter dag jy lewe, kyk waar die Jode is. Dis God se uurwerk.

221 En kyk! Die einste nag, die einste dag, wat die Engel van die Here my ontmoet het, 1946, op die sewende Mei, by Green's Mill, Indiana, daardie selfde dag is die vredesverdrag vir die Jode onderteken en was hulle 'n gevestigde nasie vir die eerste keer in vyf-en-twintig honderd jaar. Halleluja!

222 En, vanaand, wapper die oudste vlag in die hele wêreld, die ses-punt ster van Dawid, oor Jerusalem vir die eerste keer in vyf-en-twintig honderd jaar, sedert die wegvoering van Babilon. Jesus het gesê: "Wanneer jy die vyeboom sy botsels sien uitstoot." Daar is sy! Daar het Hy gesê: "Leer 'n gelykenis. Julle sê: 'die somer is naby.' Wanneer julle dit sien, weet dat die tyd voor die deur is." Ons is reg by die einde van die tyd.

223 Kyk hoe die "gruwel" van Daniël, ensovoorts, julle weet, toe Jesus gesê het. "Wanneer die groot Prins sal kom, sal Hy profeteer vir 'n—'n duisend en tweehonderd-en-sestig dae lank," wat drie jaar en ses maande was. En dis presies wat Jesus gepreek het. Hy het net na die Jode toe gekom, dan sal Hy afgesny word vir 'n—'n offerande vir die mense. "En daardie gruwel bring verwoesting," die Mohammedane het die Moslem van Omar daar opgerig. "En hulle sal die mure van Jerusalem vertrap totdat" (sjoe! Totdat wat?) "die Heidense bedeling vervul is." En dan sal Hy weer na die Jode toe terugkeer, en dis daar waar die Slag van Armageddon plaas. . . Daar het Hy die Heidene geroep, om 'n volk vir Sy Naam uit te neem, Sy Bruid. Let op. Ja, meneer. Die honderd vier-en-veertigduisend is almal verloste Jode wat nog daar moet staan. Al hierdie. . .

224 Dan wanneer die Kerk opgeneem word, verskyn Moses en Elía, in Openbaring 11, en verkondig Jesus Christus aan hulle. En die Heilige Gees word van die Heidene af weggeneem, en die Wegraping kom vir Kerk om opgeneem te word. En die Jode wat hier oor is, sal vir drie-en-'n-half jaar voor gepreek word, want hy het gesê: "Daar's nog sewentig weke bestem vir U volk, en Messias sal tussen-in afgesny word." Wanneer Hy weggeneem word, sal die Heidene 'n plek gegee word, en dan het hulle nog drie en 'n halwe jaar om voor gepreek te word, van Jesus Christus.

225 Sekerlik, die Jode kom. En ek glo, broer, dat wanneer ons hierdie keer daar by Palestina kom. . . O, bid! Hulle lees daardie Bybel.

226 Net nog een stelling, dan het ek 'n klein, kort vragie hier, en dis hulle almal. Hierdie een hier, dink ek, is 'n gebed.

227 Kyk hierna! Doktor Reidhead het gesê, daar met 'n slim Mohammedaan gestaan en praat . . .

228 Nou, spits julle ore nou goed. 'n Mohammedaan, ek het omtrent twintigduisend van hulle gehad wat na die Here Jesus toe gekom het toe hulle die tekens en wonders daar in Afrika gesien het. Hierdie . . . Of, nee, nie twintigduisend nie; dit was dertigduisend altesaam. Ek skat dit was tienduisend van hulle wat gekom het, want die groot meerderheid was—was Mohammedaans. En toe hulle daar gestaan het, en ek gesê het: "Watter een van julle profete by die tempel kan hierdie man gesond maak?" Ek het gesê: "Watter een van julle afgode, van julle inboorlinge, kan hierdie man gesond maak?" Ek het gesê: "Geeneen van hulle nie! Geen profeet by die tempel nie . . . en geen priester nie, liewer." En ek het gesê: "Geen afgod kan dit doen nie. En ek kan ook nie. Maar die God van die Hemel het Sy Seun, Jesus Christus opgewek, Wat vandag onder die mense lewe, Wat hom volkome gesond gemaak het soos julle hom sien staan." 'n Man met 'n ketting om sy nek, moes hom soos 'n hond lei. Binne een minuut op sy voete gestaan, normaal en gesond.

229 En Doktor Reidhead het nou die aand vir my vertel toe ons daar in die motor gesit het, hy het gesê: "O, goeiste!" daaraan gedink. Hy het gesê hierdie Mohammedaan het na hom toe gekom, en het gesê hy het met hierdie Mohammedaan gepraat, 'n baie geleerde man. Hy het gesê: "Wel, meneer, hoekom doen jy nie afstand van jou ou dooie profeet, Mohammed, nie?"

230 Nou, onthou, Mohammedane glo in God. Daar oorkant in—in Afrika, hang daar 'n groot "bhong," 'n "ghong" so bokant. En hulle vat 'n yslike groot rubber hamer en slaan dit so, en dit lui uit oor die hele land. En elke Mohammedaan stop, en die priester stap uit bo-op die tempel, en sê: "Daar is een ware en lewende God, en Mohammed is Sy profeet."

231 Dis Ismael se kinders. Sien, Hagar, hulle is seuns van Abraham uit Hagar. Sien? Hulle glo in 'n ware Jehova God, maar hulle dink Jesus . . . (Dit was . . . Hy's *ons* Verlosser, gestuur na die Heidene van die vrye vrou af; Isak, sien, en deur Sara). En nou, hulle was deur Hagar, Ismael, en het die Mohammedane geword.

232 En by die graf van Mohammed, julle moet eintlik gaan kyk, dis treffend, die groot grafkelder daar. En vir tweeduisend jaar is daar al 'n wit perd opgesaal, wat daar staan. Mohammed het belowe dat hy eendag uit die dood uit sou opstaan en op daardie perd spring en die wêreld verower. En elke—elke slag ruil hulle net een perd met 'n ander; wag daar met 'n getroue wag, wat staan, en wag vir Mohammed om uit die dood uit op te staan. Tweeduisend jaar is sedertdien verby.

233 Hulle glo in Jesus, hulle het gesê Hy was 'n profeet. Op die mure van ou Jerusalem is daar 'n yslike groot bedevaartplek gebou, wat daar is vir Mohammed is om na toe te kom. En 'n klein bedevaartplekkie hieronder, wat vir Jesus is. Sien, hulle het gesê: "Jesus is nie gekruisig nie, hulle was heel verward daaroor." Het gesê: "Hy het op 'n perd geklim, en weggery." Sien? Nou, hulle—hulle glo dit.

234 Hulle het 'n rooi kolletjie tussen hulle oë. Die mense daar wat na Indië toe gaan, julle sal dit oplet. Goeiste, hulle sal daar staan by die duisende.

235 En toe het Doktor Reidhead gesê hy het daar gestaan, en hy het gesê: "Nou, waarom versaak jy nie daardie ou dooie profeet en ontvang Een Wat uit die dood uit opgestaan het, 'n lewende Christus nie?" Nou, hy was 'n geleerde en hy het geweet hoe om sy woorde te stel.

236 Het gesê die Mohammedaan het na hom gekyk, (slim, geleerde man, net hier in Amerika, is hier opgelei) hy het gesê: "Meneer, liewe meneer, wat kan jou opgewekte Jesus meer vir my doen as wat my dooie profeet gedoen het?" Het gesê: "My dooie profeet het vir my Lewe na die dood belowe. Dis wat jou Jesus gedoen het." Wel, hy het iets beetgehad. Het gesê: "Nou, albei van hulle het 'n boek geskryf. Jy glo die een wat Jesus geskryf het, ek glo die een wat Mohammed geskryf het. Hulle belowe albei Lewe." Het gesê: "Wat kan jou Jesus meer vir my doen as wat my—my Mohammed kan?" Wel, die man, in eenvoudige feite, is dit die waarheid. Hy het gesê: "Maar net 'n oomblik, liewe meneer." Hy het gesê: "My Mohammed het nooit vir my dinge belowe soos jou Jesus het nie. Jou Jesus het belowe. . . Hulle het gesê: 'Hy het opgestaan' en gaan die hele tyd met julle wees, tot die einde van die wêreld; en dieselfde tekens en wonders wat Hy gedoen het, sal julle ook doen, reg tot aan die einde van die wêreld. Julle sal die siekes genees, en die dooies opwek, en die melaatses reinig, en duiwels uitdryf." Het gesê: "Ek het die Christendom deeglik bestudeer." Het gesê: "Nou laat ek julle leermeesters Jesus Christus sien voortbring, en ek sal glo dat hy uit die dood uit opgestaan het. Maar, buiten dit. . . Mohammed het ons nooit sulke dinge soos dit belowe nie, hy het ons net Lewe na die dood belowe. En dis die einste ding wat julle leer, en die ander oorslaan." Die man was reg, die Mohammedaan was presies reg.

237 Doktor Reidhead het gesê hy het gestaan en huil. Het gesê: "Broer Branham, ek het aan jou gedink." En hy het hom hierheen gehaas, en het daar ingegaan, en ek het my hande op hom gelê, en die doop van die Heilige Gees het op hom gekom. En nou sien hy selfs visioene en alles. Laat die Mohammedaan hom nou ontmoet! Hy's 'n ander man!

238 Ek sê ons Jesus het uit die dood uit opgestaan, Hy lewe vandag. En Hy doen dieselfde dinge vandag wat Hy toe gedoen het, allerhande tekens en wonders. En julle fundamentele mense sit rond en probeer dit wegverduidelik, en mis die mees fundamentele deel van die Bybel. Dis presies reg. Jesus Christus, die opgewekte Seun van God, kan in ander tale praat deur jou, Hy kan deur jou profeteer, Hy kan visioene deur jou wys, Hy kan onbekende tale deur jou uitlê. En dit alles is deel van Hom.

239 En om *hierdie* deel van Hom te neem en *daardie* deel van Hom af weg te laat, sou wees soos om my in die helfte te sny en my heupe en bene af te neem en te sê jy het my, wanneer jy *hierdie* deel nie wil ontvang nie.

240 Jy moet my óf ten volle ontvang . . . En dis waarom ek 'n volle-Evangelie prediker is, wat glo dat alles wat God gesê het, die Waarheid is. Amen! Glorie! Ek voel nou soos 'n holy-roller. Ja, meneer. Ek glo Dit!

7. Matthéüs 24:29, praat van "Die son sal verduister word, die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val." Sal dit voor of na die Wegraping gebeur, of net voor Jesus kom om te r-e- . . . regeer op aarde?

241 Na my beskeie geloof, nou, ek sal nie . . . Ek weet nie, ek dink hy praat van Matthéüs 24, daar. Nou, Jesus praat van sterre en dinge wat val, ek glo dit is net voor die Verdrukkingstydperk op aarde is.

242 Nou, ek het 'n baie snaakse gedagte hier waaroor baie van julle van my gaan verskil, wel, ek verbeel my met party van die ou mense wat onderrigting gehoor het waardeur ons gegaan het. Sien, ek glo nie die Kerk sal deur die Verdrukkingstydperk gaan nie. Ek glo die Kerk sal . . . Kyk, ek . . . Die enigste manier waarop ek die Nuwe Testament onderrig, is deur die Ou Testament-skaduwee, net soos die Heilige Gees hier vir die sabbatdag ensovoorts. Alles is 'n skadu daar destyds.

243 Nou, kyk terug in die Ou Testament. Toe jy die plae sien val het, was hulle in Egipte. Was hulle nie? En God het Sy volk uitgebring na die beloofde land toe. Is dit reg? En Israel het nooit een plaag ontvang nie. Net toe die plae . . . voor dit plaasgevind het, het hulle in Gosen ingegaan. Is dit reg? En die son het nooit verduister nie, geen muskiete het gekom nie, daar was geen paddas nie, daar was geen luise nie, daar was geen storms nie, daar was geen weerlig nie, daar was geen sterftes van die beeste nie, en alles wat hulle gehad het, is bewaar in Gosen. Is dit reg? Dis 'n tipe van die Kerk wat gaan net voor die Verdrukkingstydperk. Jesus het gesê: "Wanneer hierdie dinge in vervulling begin gaan, tel julle kop op, jou verlossing is naby." Sien?

244 Ek glo dat die maan en son en sterre . . . Toe het hulle gesê dat . . . Gaan voort en lees Dit, het gesê: "En mense het

gehardloop en hulleself verberg in die . . . en het geval op hulle . . . het probeer om hulleself dood te maak, en kon dit nie doen nie, en alles." Ek glo dit vind plaas net voor die Verdrukking.

245 Nou, kyk, die Verdrukking kom. Wanneer die Verdrukking tref, gaan die Kerk op. Nou, onthou, net 'n gewone kerk, sonder die Heilige Gees, gaan deur die Verdrukkingstydperk. Dis net die Uitverkorenes wat deurgaan.

246 O, ek sou iets nogal hard kon invrywe, net vir 'n oomblik. Sal julle my nog drie minute gee? Wat word die—die weggeraapte mense genoem, die oorblyfsel? Is dit reg? Goed . . . Ek—ek bedoel dis—dis die Bruid. Nou, die oorblyfsel is agtergelaat.

247 Nou, wanneer 'n vrou gaan om 'n patroon uit te knip vir 'n romp, julle praat daaroor. Sy gooi die materiaal oop (is dit reg?), die stuk materiaal. En sy plaas haar patroon hieroor. Sy sit dit vas waar die patroon gesny moet word. Reg?

248 O broer, dit doen jou regtig goed! Wie doen die uitverkiesing? God doen die uitverkiesing! Is dit reg? Dis nie vir my om te sê nie, dis vir Hom om te sê. En Hy plaas die patroon oor wie Hy wil. Is dit reg?

249 Nou, daar was tien maagde wat uitgegaan het om die Bruidegom te ontmoet. Is dit reg?

250 Wat is "maagd?" *Maagd* beteken "suiwer, heilige." Is dit reg? Wat is 'n maagdelike meisie? Dis 'n meisie wat nog nooit aangeraak is nie, sy's 'n maagd. Wat is enigiets wat suiwer is, soos maagdelike olyfolie? Dit beteken dis gedistilleer tot dit in sy maagdelike toestand is, dis suiwer. Wat is maagdelike goud? Dis wanneer al die onsuiwerheid . . . dit het deur die hitte en alles gegaan en het al die onsuiwerheid uitgekook. Is dit reg? Al die yster en die piriet, en alles anders, is uitgekook, dis net in sy maagdelikheid.

251 Nou, daar was tien wat gegaan het om die Bruidegom te ontmoet. Jesus het so gesê. Dit reg? Hoeveel stem daarmee saam, sê "Amen." [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Tien het gegaan om Hom te ontmoet. Nou, kyk, hulle almal was heilig. Wel, ten einde *heilig* te wees, moes hulle "geheilig" word, want dis die enigste reinigende, heilige stroom wat God het, is heiligmaking. Is dit reg?

252 Nou, kyk. Al tien van hulle is geheilig, maar vyf het nie enige Olie in hulle lampe gehad nie, en vyf het Olie in hulle lamp gehad. Is dit reg? Wat stel die *Olie* voor? Nou, nie die suiwerheid, die maagdelikheid nie. *Olie* stel die "Heilige Gees" voor.

253 Nou, as ek dit sê om . . . en 'n bietjie seermaak, ek bedoel dit nie so nie. Nou, verskoon my, en moenie van die kerk af wegbly nie. Ek is net hier in die preekstoel om julle te probeer help. Sien? Nou, kyk, laat ek vir julle wys.

254 Daar's nie 'n kerk op aarde wat suiwerder in hulle leer kan lewe as die Nasaréners, Pelgrim Heiligheid en hulle, nie. Is dit reg? Hulle glo absoluut in die suiwerheid van heiligmaking, nie. . . selfs tot die dra van ringe deur hulle vroue, en alles. Suiwerheid en heiligmaking, op elke wyse, hulle glo dit. Die Heiligheid organisasies, al die wetlikes, dis hulle leer, hulle glo dit. Heilig! Vroue dra lang hare en 'n lang rok. 'n Man is nie eens veronderstel om sy moue op te rol nie, baie van hulle. Alles, nie eens raak aan. . . rook, drink, enige. . . Niks daarvan nie, sien. Heilig! Jy kan nie enigsins skoner lewe nie.

255 Maar daardie selfde Nasaréner-kerk, as 'n man in tale sou praat in die kerk, sou hy by die deur uitgeskiet word. En hulle het gesê hulle sal nie eens by een sit nie. Nou, dis waar. As jy dit nie glo nie, probeer dit eenkeer, vind uit. Vind eenkeer uit. Hulle haat die blote gedagtes daaraan. Hulle sê: "Dis die duiwel!"

256 Vyf van hulle. . . Tien van hulle was maagde. Vyf was wys wat Olie in hulle lamp gehad het, en die ander vyf was net so rein en heilig, maar hulle het geen Olie gehad nie (hulle is heilig gemaak, sonder die Heilige Gees).

257 "Daar's drie wat getuig op die aarde: die water, die bloed, die Gees." Johannes 5:7. . . Een Johannes 5:7, liewer, het gesê: "Daar is drie wat getuig in die Hemel: Vader, Seun en Heilige Gees, hierdie drie is Een. Maar daar's drie wat getuig op aarde: water, bloed, en Gees, hulle is nie een nie, maar hulle stem ooreen."

258 Nou, jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie. Jy kan nie die Heilige Gees hê sonder om die Vader, Seun, en Heilige Gees te hê nie. Hulle is Een. Jy. . . Hulle is onafskeidbaar.

259 Maar jy kan geregverdig word sonder om geheilig te word. En jy kan geheilig word sonder om die Heilige Gees te hê; rein wees, 'n suiwer lewe lei, en 'n vorm van godsaligheid hê, en die Krag van genesing en praat in tale en die groot gawes van God (en elkeen van hulle Daarin) ontken.

260 Daar's jou vyf wyse maagde wat Olie in hulle lamp gehad het, wegrapende Geloof, glo in al die tekens, wonders, profesieë, en alles. En hierdie vyf wat uit die oorblyfsel uitgesny is, is weggeneem.

261 En die res van hulle was steeds maagde en sal nie verlore gaan nie, maar sal deur die Verdrukkingstydperk gaan. Jesus het gesê: "Daar sal wees. . . "

262 En hulle het gesê—hulle het gesê: "Gee vir ons van julle Olie, ons wil nou die Heilige Gees hê."

263 Nou, enigeen weet dat die Heilige Gees, Sagaria 4, en, o, Jakobus 5:14, almal weet dat—dat dit die Heilige Gees voorstel. Nou, hulle het gesê. . . Dis waarom ons met die olie salf, stel die Heilige Gees voor; nou: "Die Olie van die Gees," het die Bybel gesê.

264 Nou, *hulle* het die Heilige Gees gehad; en *hulle* is heilig gemaak. *Hulle* is heilig gemaak *plus* die Heilige Gees, het al die fenomena en alles van God se Krag geglo. Alles waarvan God Hier gepraat het, het hulle gehad, daarin geglo. Hulle is opgeneem.

265 En *hulle* het gesê: "Gee ons, vir ons, nou."

266 Het gesê: "Ons het net genoeg om mee in te kom," en weg het hulle gegaan in die Wegraping.

267 En hulle het gesê: "Gaan koop vir julle by dié wat verkoop," het hulle gesê. En hulle het toe gaan probeer deurbid, om die Heilige Gees te ontvang, maar die Heidense bedeling was beëindig en die vervolging het ingetree. En Hy het gesê: "Hulle is uitgewerp in die buitenste duisternis, waar daar geween en gehuil en gekners van tande sal wees." Maar in die tweede opstanding sal hulle die skape wees wat van die bokke geskei word, maar nooit die Bruid nie, nooit die Uitverkorenes nie. Dis die oorblyfsel van die Saad van die vrou.

268 Wat is 'n oorblyfsel? Die stuk wat gesny is, wat oorbly. Selfde soort materiaal. Is dit reg? Jy vir jou 'n rok gaan uitsny uit kaliko, en jy sprei 'n groot stuk kaliko uit en sny dit uit. Dis jou saak waar jy die patroon neerlê. Dis God se saak waar Hy die patroon neerlê. Hy sny haar klaar uit. Is dit reg? En nou hierdie, res van hierdie kaliko wat hier oorgebly het, is net so 'n goeie kaliko as in die rok. Is dit reg? Maar dis God se uitverkiesing. God kies Sy Kerk uit, God voorbestem Sy Kerk; God het dit verordineer, verordineer Sy Kerk, en Hy neem daardie Kerk uit! En die oorblyfsel word agtergelaat om deur die Verdrukkingstydperk te gaan.

269 En dis waar baie Bybelstudente vandag verward raak, deur te dink dat die Bruid daar in die Verdrukking is. 'n Kêrel het vir my gesê, gesê: "Ek sou jou nie kon sê nie, Broer Branham." Het gesê: "Ek het die Bruid bo in die Hemel gesien. En die draak wat water spuit uit sy mond uit om met die Bruid oorlog te maak. En die honderd vier-en-veertigduisend, wat die Bruid is, het op die Berg Sinai gestaan."

270 Ek het gesê: "O, nee. Nee. Nee. Nee. Jy is heel verward. Die Bruid was in die Hemel." En die *oorblyfsel* van die vrou se Saad, nie haar . . . nie die patroon nie, die oorblyfsel was daar, en die vervolging (die Romeinse Ryk) wanneer Katolisisme sal konsolideer en hulle hulle kragte verenig saam met die Groot kerk.

271 Wel, hulle het dit reg gehad . . . Dit was op televisie gewees nou die aand. Die Metodiste kerk probeer Metodis en Baptis verenig en al die volle kerke van Christus probeer verenig met Katolisisme en voor een duidelike altaar staan. Wat het die biskop gesê toe hy verhoor is nou die aand, daar oor 'n Kommunis te wees? Ek het self daarna op televisie gestaan en kyk. Die

hele klomp van hulle! En wanneer daardie tyd kom, sal daar 'n vervolging ontstaan. Dan sal die Heilige Gees val, en Metodiste, en Baptiste, en almal, sal in tale praat, God prys, en die siekes genees en profeteer, en al die tekens en wonders sal kom. Die Uitverkorenes sal opgaan, en die oorblyfsel sal hier agtergelaat word om deur die Verdrukkingstydperk te gaan. En teen die einde van die tyd, wanneer hulle sien wat gebeur het, sal hulle in martelaarskap moet sterf.

272 Kyk dan. Jy sê: "Wel, nou, Broer Branham, bedoel jy om vir my te sê daar gaan wees . . . daardie—daardie mense wat daar by die Wit Troon Oordeel gaan wees?" Hulle sal . . . Die Bruid sal nooit geoordeel word nie. Nee, meneer. Sy's in Christus. Hoe kom jy in Christus in? "Deur een Gees word ons almal in een Liggaam gedoop." Is dit reg?

273 Nou, kyk, kyk hier. Die Bybel het gesê: "Die oordeel is bepaal, en die Boeke is geopen." Is dit reg? Boeke van sondaars. "En 'n ander Boek is geopen," wat die Boek van die Lewe was, en elke mens is daarvolgens geoordeel. Is dit reg? En wie het die oordeel gedoen? Jesus en die Heiliges. Hy het gesê: "Hy het gekom om te bedien, Wat die Oue van ons Dae is, Wie se hare soos wol was." En het gesê: "Tienduisende maal tienduisende het saam met Hom gekom, en Hom bedien in die Oordeel." Hier keer Jesus terug as Koning en Koningin, die Bruilof is verby, en Hy's getroud. Hier staan Koning en Koningin hier. En daar staan daardie heiliggemaakte klomp, God het gesê: "Staan hier aan My regterkant." Dis die Boek wat oopgemaak was, was sondaars: "Gaan daar na My linkerkant." Hier is dié wat hulle name geskryf gehad het in die Lam se Boek van die Lewe.

274 Jy sê: "Broer Branham, my naam is daar geskrywe, ek sal gaan!" Wag 'n oomblik! Judas Iskariot is heilig gemaak. Sjoe! Broer, word nou wakker, knyp, sodat jy Dit kan begryp, sien jy.

275 Judas Iskariot, sy gees is vandag die antichris. Julle weet dit. Jesus was die Seun van God, het van God af gekom en na God toe teruggekeer; Judas was die seun van die verderf, het van die hel af gekom en na die hel toe teruggekeer. Jesus het die boetvaardige sondaar saam met Hom geneem; Judas het die onboetvaardige saam met hom geneem: "*As* u is! As! As! As u 'n Goddelike geneser is, doen *dit*, As U *Dit* is, doen *dit*." (Sien, daardie vraagteken dwarsoor God se Woord.) "Die dae van wonderwerke is verby. As dit is, wys my *dit*. As! As! As!" Sien?

"Dis alles waar," het God gesê.

276 Nou kyk. Judas Iskariot is geregverdig deur geloof, en het aan die Here Jesus Christus geglo en is gedoop. Die Bybel het gesê: "Jesus—Jesus het die dissipels gedoop, Sy dissipels." Goed.

277 Johannes 17:17, voor Hy hulle kon uitstuur, het Hy gesê: "Heilig hulle, Vader, deur die Waarheid; U Woord is die Waarheid." En Hy was die Woord, selfs voor die versoening

gemaak is. Met ander woorde: "As 'n voorskou, Vader, van My gestorte Bloed, heilig Ek hulle."

278 Hy het hulle mag gegee teen onrein geeste, en hulle het uitgegaan en hulle het duiwels uitgedryf. Is dit reg? En hulle het die siekes genees. Is dit reg? En hulle het teruggekom, geheilig, verheug, gespring, uitgeroep, en God geprys. Is dit reg? En het gesê: "Selfs die duiwels is aan ons onderworpe."

279 En Jesus het gesê: "Verheug julle nie omdat die duiwels aan julle onderworpe is nie, maar verheug julle omdat julle name geskryf is in die Boek van die Hemel." Is dit reg? En Judas Iskariot was by hulle, een van hulle, uitgeroep, geheilig, en sy naam geskryf in die Lam se Boek van die Lewe. Lees Matthéüs 10 en kyk of dit nie reg is nie. Hy het elkeen van hulle geroep, en Judas en elkeen van hulle, daar regdeur. Hy het hulle uitgestuur, hulle mag gegee teen onrein geeste.

280 Nou kyk! Trek jou skok-vaste hemp aan. Maar toe Judas regdeur daardie kerk daar opgekom het, as die tesourier van die kerk, met die pastoor saamgewerk het, die . . . Jesus. Maar toe dit tyd geword het vir Pinkster, het hy sy kleure gewys. Hy het gewys wat hy is. En met—met genoeg ordentlikheid in hom, het hy homself vernietig en homself opgehang aan 'n wildevyeboom, om die profesie te vervul. En daardie gees van Judas sal na vore kom en die Here Jesus Christus glo. Soos Jesus gesê het: "Die duiwels glo en sidder." Hy sal na vore kom en heiligmaking leer, net so 'n suiwer heilige lewe as maar kan wees; maar wanneer dit kom by die doop van die Heilige Gees en die gawes van die Gees, sal hy Dit ontken! Hy sal sy kleure elke keer wys. Daar's daardie gees bew- . . .

281 En Jesus het gesê: "Oppas!" Matthéüs 24, weer. "Die twee geeste sal so na aan mekaar wees dat dit selfs die Uitverkorenes sal bedrieg . . ." Is dit reg? Waar daardie patroon daar lê . . . Broer, beter glo in outydse, Heilige Gees-predikers hierrond en regmaak met God. Dis reg. Moenie 'n gedaante van godsaligheid hê en die Krag daarvan verloën nie. Amen! Voel almal goed? [Gemeente sê: "Amen!"—Red.]

Kom ons daar in die Hemel,
Watter dag van blydskap sal dit wees!
Daar sien ons dan vir Jesus,
En sing en vier oorwinningsfees.

Kom ons daar in die Hemel,
Watter dag van blydskap sal dit wees!
Daar sien ons dan vir Jesus,
En sing en vier oorwinningsfees.

282 Halleluja! Kom ons staan net 'n oomblik. Hoeveel het Hom lief met julle hele hart? Steek jou hand op, sê: "Prys die Here!" [Gemeente herhaal agter Broer Branham aan—Red.] "Here, ek glo die volle Evangelie. Help my om U dienskneg te wees."

Halleluja! Halleluja! Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen!"] In die Bybel het hulle . . .

283 'n Vrou het vir my gesê een . . . 'n seun, hy luister dalk vanaand, hy woon net oorkant die straat. Hy het daar aangekom. En Suster Lula wat altyd hier na die kerk toe gekom het, sy het daar agter uitgeroep. Ek het gepreek, Broer Neville. En daardie seun het vir my gesê . . . Nou, hy was 'n Sondagskoolonderwyser hieronder by die Eerste Baptiste kerk. Hy het gesê: "Billy, ek het jou preek geniet totdat daardie vrou begin skree en roep het: 'Dankie, Jesus! Prys die Here!' En elke af en toe," gesê: "het 'n man gesê," (Broer Seward) "uitgeroep: 'Prys die Here! Amen!'" En ek het gepreek oor *Om Jou Geboortereg Te Verloor*, Esau het sy Geboortereg verkoop. En ek het voortgegaan, en hulle het net uitgeroep, aangegaan. Ek het gesê: "Ooo," gesê: "dit—dit stuur net koue rillings teen my rug af." Gesê: "Ek kon dit nie uithou nie!"

284 Ek het gesê: "Broer, as jy ooit in die Hemel sou kom, sou jy doodvries." Ek het gesê: "Daar is beslis 'n uitroepe in die Hemel, dag en nag." En dis reg, broer. O, ja, meneer!

O, ek wil Hom so graag sien, Sy aangesig aanskou,
Daar te sing vir ewig van Sy groot gena;
Op die Gloriestrate, laat my stem weerklink;
Vry van sorg, eindlik tuis, ewig te verbly.

O, ek wil Hom so graag sien, Sy aangesig aanskou,
Daar te sing vir ewig van Sy groot gena;
Op die Gloriestrate, laat my stem weerklink;
Vry van sorg, eindlik tuis, ewig te verbly.

285 Amen! Goed, Broer Neville. God seën jou. Gaan net daar op en sluit af.

Vrae en Antwoorde oor Génesis AFR53-0729
(Questions and Answers on Genesis)
Gedrag Orde En Doktrine Van Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 29 Julie 1953, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org